

ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 310
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

**Top boere van die
jaar aangekondig**

*Hier is 2025 se
landbouhoogtepunte*

**Presisie in elke baal: Ontdek
Massey se nuutste balertegnologie**

THINKS LIKE A PRO. WORKS LIKE A **BEAST.**



The all-new Valtra Q Series is the high-horsepower precision tool you need. Delivering relentless, fuel-efficient power with the intelligence to command every hectare, the Q Series handles your biggest implements and most complex smart farming tasks. Trusted globally and now landing in South Africa, exclusively from Valtrac.



- **Beast Power, Pro Efficiency:**
Up to 224 kW (305 hp) max boost from the AGCO Power 7.4L 6-cylinder engine.
- **The Smart Driveline:**
Seamless, efficient power transfer via the CVT (Continuously Variable Transmission). A200 L/min hydraulic pump
- **Smart Farming Standard:**
Equipped with the award-winning SmartTouch terminal, Valtra Guide, Auto U-Pilot, and SmartTurn.
- **Supreme Comfort:**
Low-noise cab with synchronized Air Suspension for an exceptionally smooth ride.
- **Built for Africa:**
Robust chassis, long wheelbase, and balanced design to maximise pulling power, minimise soil compaction, and guarantee durability in demanding conditions.

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

☎ 0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863

🌐 www.valtrac.co.za 📱 Valtrac South Africa 📷 Valtrac

Beste ProAgri leser,

Ná 310 gedrukte uitgawes, duisende kilometers se rondry, en menigte stories oor die ongelooflike veerkragtigheid van Suid-Afrika se boere, staan ons vandag op die drumpel van 'n nuwe era. Dit is met trots en nederigheid dat ons hierdie belangrike aankondiging met julle deel: ProAgri skuif in 2026 oor na 'n volledig digitale tydskrifformaat.

Dit was nie 'n ligte besluit nie. Oor byna drie dekades heen was ons gedrukte tydskrif 'n vertroude metgesel op talle eetkamertafels op plase, koöperasie-toonbanke en koffietafels. En dit is julle, ons boere, vennote en lesers wat dit moontlik gemaak het. Julle ondersteuning, terugvoer, insette en lojale betrokkenheid het ProAgri elke maand laat groei. Daarvoor sê ons uit die diepte van ons harte baie, baie dankie.

Maar net soos die landboubedryf voortdurend ontwikkel, moet ons ook tred hou met die tye om meer toeganklik, vinniger en meer volhoubaar inhoud by elke boer te kry, ongeag waar in Afrika of elders in die wêreld jy jou mag bevind.

Die skuif na 'n digitale tydskrif stel ons in staat om:

- Ons maandelikse publikasies sonder onderbreking voort te sit;
- Dieselfde hoë gehalte, tegniese en relevante inhoud te lewer waarvoor ProAgri bekend is

- Vinniger en meer dinamiese nuus, artikels en stories te deel; en
- Ons lesers se leeservaring te verbeter met maklike, onmiddellike toegang vanaf enige toestel.

Ons beloof julle, ProAgri se hart sit nog op die regte plek. Ons fokus steeds op: die boer, praktiese landbouoplossings, waardevolle raad, landboutegnologie en lekker leesstories oor boere sowel as nuus in die land. Jou digitale tydskrif sal steeds elke maand op ons webwerf beskikbaar wees. Net soos altyd, sal jy kan toegang kry tot onder meer die nuutste tegnologie, kundige advies, landbouverslae en boere se getuigskrifte wat ons met dieselfde passie en toewyding sal deel as met die jarelange skryf en publikasie van ons gedrukte tydskrifte.

Ons groei saam met julle, ons lesers. Saam vorm ons die toekoms van landboumedia – en saam staan ons sterker as ooit.

Baie dankie dat jy deel is van ProAgri se storie – van ons eerste gedrukte bladsy tot ons eerste digitale era. Die beste lê nog voor!

'n Voorspoedige feestyd en veilig reis totdat ons weer gesels in die eerste digitale uitgawe van 2026!

Landbougroete!
Bianca Pretorius
bianca@proagri.co.za

Op ons voorblad

Met Massey Ferguson se balers word hooiwerk makliker, vinniger en meer doeltreffend as ooit.



ProAgri

Posbus 72707, Lynnwoodrust /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za

Copyright © 2025. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.

ProAgri

Redakteur tydskrif en aanlyn

Bianca Pretorius > 082-326-2572
bianca@proagri.co.za

Verslaggewers

Natasha Pretorius > 083-468-2653
natasha@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938
benine@proagri.co.za

Taalversorger

Martie Bester > martie@proagri.co.za

Bemarkingsbestuurder

Diane Grobler > 082-555-6866
diane@proagri.co.za

Bemarkers

Xander Pieterse > 062-391-6507
xander@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353
tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597
kevin@proagri.co.za

Skeppende bestuurder

Anja Oosthuizen > anja@proagri.co.za

Uitleg en ontwerp

Cara Watson & Stella van Eeden

Kliëntverhoudingsbestuurder

Navrae
Engela Botha > 084-088-0123
engela@proagri.co.za

Rekening

Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

Verspreiding en intekening

Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708
nita@proagri.co.za

Sakebestuurder

George Grobler

Inhoudsopgawe / Contents

Hulpbronbestuur

3. New Holland Suid-Afrika vier innovasie en erfenis in 2025

Meganisasie

4. 2025-oesjaar: Motor-uitskieters

Gewasproduksie

11. Corteva: Putting South African maize farmers first
13. Graanboer van die Jaar 2025
16. 2025 AgriSA Jongboer van die jaar

Vee en Wild

19. 2025 Skaapboer van die Jaar
22. ProAgri gaan digitaal
24. Wildboer van die Jaar 2025
26. Beesboer van die Jaar 2025
28. Vriend of vyand deel 4: Ystervark, bosvark, ratel ...
30. Kameelperd kry broodnodige lewensaar
33. 2025 Landbouhoogtepunte



VIER DANKBAARHEID, BOU DIE TOEKOMS



Soos die jaar tot 'n einde kom, staan ons stil om te besin oor die lande wat ons gesaai het, die oeste wat ons ingesamel het, en die vennootskappe wat ons laat floreer het. Van sonsopkomste oor goue gewasse tot die stil krag van masjiene wat nooit opgee nie – dankie dat jy deel was van ons reis.

Met elke uitdaging wat oorkom is en elke mylpaal wat ons bereik het, word ons herinner dat vooruitgang gebou word op vertroue, veerkragtigheid en innovasie. Terwyl ons vorentoe kyk na 'n nuwe jaar, bly ons toegewyd om boere te bemagtig met slimmer oplossings, sterker ondersteuning en 'n gedeelde visie vir 'n meer volhoubare toekoms.

Hier's op nuwe beginne, dapper idees, en die belofte van nog 'n vrugbare seisoen.

New Holland. Vorentoe, saam.

50
JAAR
TWIN ROTOR

50
Jaar
BRAUD



NEW HOLLAND

SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN



www.newholland.com/za

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

New Holland Suid-Afrika vier innovasie en erfenis in 2025

Artikel voorsien



Die nuutste generasie CR-stroppers neem strooptegnologie na die hoogste vlak.

New Holland Suid-Afrika beskou 2025 as 'n jaar van baanbrekende bekendstellings en historiese herdenkings, wat sy verbintenis tot innovasie en boerderysukses regoor die land versterk.

Vanjaar was ons primêre fokus die 50ste herdenking van die grensver-skuivende CR Twin Rotor-tegnologie. Hierdie tegnologie het oor vyf dekades heen uitgeblink in oesinnovasie, die wêreldlandbou getransformeer en Suid-Afrikaanse boere bemagtig.

New Holland roem hom op die uitsonderlike tegnologie wat hom onderskei – van die eerste Twin Rotor-stroper in 1975 tot vandag se nuutste CR PLMi-eenhede en die ongeëwenaarde CR10 wat onderskeidelik by NAMPO en NAMPO Kaap bekend gestel is.

Ná die onthulling van die CR10 is demonstrasies in die Overberg-streek gedoen wat New Holland se nalatenskap van doeltreffendheid en produktiwiteit verder versterk het. Na alles, die Twin Rotor-tegnologie het dié maatstaf vir oesprestasie gestel.

Die 50ste herdenking van New Holland se Braud-selfaangedrewe druiwe-oesmasjiene was nog 'n merkwaardige hoogtepunt in 2025. Dit vier 'n halfeeu van innovasie wat wingerdbedrywighede wêreldwyd en in Suid-Afrika se wynstreek getransformeer het. Die nuutste vlagskip Braud 8.50L is by

NAMPO Kaap 2025 bekend gestel en lewer oesdoeltreffendheid, operateurgerief en volhoubaarheid aan die volgende generasie boere. Hierdie gevorderde model is 'n merkwaardige mylpaal in wingerdtegniek.

By NAMPO en NAMPO Kaap het Suid-Afrikaanse boere Raven se nuutste GPS-navigasie, veranderlike toediening en outonome veldbedrywighede ervaar, wat doeltreffendheid en volhoubaarheid bevorder. Nuwe hulpmiddels vir intydse-analise en konektiwiteit het boere bemagtig om insette te optimaliseer en opbrengste te verbeter onder uiteenlopende plaaslike toestande.

Demonstrasies en opleidingssessies by groot landbougeleenthede regoor Suid-Afrika het Raven se verbintenis beklemtoon om die land se oorgang na slimmer, klimaatbestande boerdery te ondersteun. Vanjaar was deurslaggewend vir Raven in Suid-Afrika, aangesien ons voortgaan om innoverende oplossings te bied wat boere help om baie meer met minder te bereik.

In 2025 is die nuutste T7-trekkerreeks ook bekend gestel by verskeie skoue en boeredae, wat 'n nuwe era van krag, presisie en volhoubaarheid vir plaaslike boere inlui. Die T7.315 Heavy Duty (HD)-model het uitgeblink met ongeëwenaarde perdekrag en gevorderde presisieboerdery-integrasie. Die Mid-Range T7-eenhede is indrukwekkende, veelsydige modelle van 180 tot 220 pk, toegerus met Tier 3 NEF-enjins.

New Holland blink uit by boeredae

By die Balfour Boerevereniging en AFGRI se hooftog, het New Holland gefokus op sy Big Baler 1290 High Density (HD)-baler wat swaar bale maak vir uitvoer- en kontrakdoeleindes. Die TH7.32 Telehandler wat baie groot bale beweeg en stapel is ook ten toon gestel. Die baler se ontwerp is daarop gemik om produktiwiteit en doeltreffendheid vir plaaslike boere te verhoog.

New Holland het behoorlik gespog by Val Boeredag. Dit was 'n uitstekende platform om te demonstreer hoe sy

groot trekkers krag sowel as slim tegnologie lewer, wat boere bemagtig om vooruit te boer. Hierdie grootraam-trekkers is bekend vir hul krag en betroubaarheid omdat hulle ontwerp is vir veeleisende landbedrywighede. Die demonstrasies op die dag het die reeks se brandstofdoeltreffendheid en presisie-integrasie beklemtoon en ook gewys dat die trekkers 'n groot aanwinst in terme van produktiwiteit is – spesifiek aangepas vir moderne Suid-Afrikaanse landboubedrywighede.

Daar was nie genoeg tyd om die nuwe T4FS-boordtrekkerreeks vanjaar aan landbouers bekend te stel nie, aangesien die eenhede wat laat in November in die land aangekom het, dadelik beskikbaar gestel is aan die boere wat hulle reeds bestel het. Die T4FS (Fruit & Specialty)-trekkers is spesifiek ontwerp vir smal rye en beperkte ruimtes, wat hulle geskik maak vir Suid-Afrika se wingerde en boorde.

Operateurgerief is aansienlik verbeter deur gevorderde ergonomie, beter sigbaarheid en kajuitopsies wat spesiaal ontwerp is vir lang werksure in uitdagende omgewings en omstandighede. Die T4FS-reeks verteenwoordig New Holland se toewyding aan gespesialiseerde boerdery en voorsien Suid-Afrikaanse vrugte- en wynprodusente van trekkers wat kompakte ontwerp, krag en volhoubaarheid kombineer.

Ons het in 2025 'n mylpaaljaar beleef deur ons erfenis met baanbrekerstegnologie te kombineer ten einde boere landwyd te bemagtig. Ons het nie net ons geskiedenis gevier nie, maar ook die toekoms van innovasie vir Suid-Afrikaanse boere.

New Holland Suid-Afrika bly toegewyd aan die bevordering van boerdery-oplossings wat erfenis, innovasie en volhoubaarheid kombineer vir die volgende generasie plaaslike landbouers.

Vir meer inligting, besoek newhollandag.co.za of vul die kontakvorm op hul webwerf in om hulle direk te kontak.



'n T7.315 HD-trekker met 'n BB1290 HD groot vierkantbaler.

2025-oesjaar:

Motor-uitskieters

GWM P300 2.4TD



deur Dirk Gallowitz van Ultimate Drive

Plaaslik het 2025 inderdaad 'n ryk oes gelewer van nuwe modelle met veral die aanbiedinge uit China wat met eerste oogopslag goeie waarde vir geld bied. Die eens gesogte handelsname van bekende vervaardigers uit Europa wat oor die jare heen uiters gewild en slegs beskore vir die meer gegoedes was, het reeds 10 jaar gelede populariteit begin verloor, grootliks weens hul duur prysetiket. Vandag is die aanvraag na hierdie voertuie nie noemenswaardig nie.

Hier aan die suidpunt van Afrika kraai bakkies steeds koning. Hierdie segment word ook oorheers deur Chinese modelle vanweë die ongeëwenaarde pryse wat hulle aan Suid-Afrikaanse kopers, wat bakkies nie kan weerstaan nie, bied.

Wat ook duidelik blyk is dat sedan-voertuie wêreldwyd nie meer gewild is nie as gevolg van 'n voorkeur vir kompakte sportnutse – en omdat elektriese voertuie nog nie vastrapplek in Suid-Afrika gekry het nie. Die res van die wêreld stel nie veel belang in dieselaangedrewe voertuie nie; kleiner petrolenjins met turbo-aanjaging geniet tans voorkeur.

Kom ons kyk na enkele van die nuwe en opgedateerde voertuie wat in 2025 plaaslik bekend gestel is met die uitskieters (na ons mening) in elke onderskeie kategorie.

Dubbelkajuit bakkies

Uitskieter! GWM P300 2.4TD

Ons reken hierdie voertuig is die beste dubbelkajuitbakkie wat in 2025 bekend gestel is. Die GWM P300 2.4TD is 'n viersilinder-2.4-liter-turbodiesel wat 135 kW en 480 Nm bied – toegerus met 'n negegang- outomatiese ratkas. Die bakkie is permanent in 4x4-modus.

Die ryding is goed geprys met 'n

goeie waarborg- en diensplan, gerugsteun deur die beste Chinese vervaardiger in Suid-Afrika (na ons mening).

Nie net bied die P300-dieselbakkie 'n ruim, luukse en gemaklike kajuit wat uitstekend afgewerk is nie, maar kom dit ook standaard toegerus met die jongste aktiewe en passiewe veiligheidsstelsels en bestuurdershulp. Dis ook nie te versmaai dat die voertuig meer as R200 000 minder kos as sy kompeteerdere wat nie noodwendig so omvattend toegerus is nie. Die bakkie bied goeie brandstofverbruik en is boonop ook uiters bekwaam in die veld. Prys: R699 900

Foton Tunland V7 en V9

Hierdie voertuig is pas in Suid-Afrika bekend gestel en sorg reeds vir groot opwindning. Die Tunland se 2.0TD-dubbelkajuit dryf deur die agterwiele of al vier. Krag en wring van 120 kW en 390 Nm kom uit 'n Cummins-viersilinder-turbodiesel.

Dié Chinees-vervaardigde rondritser spog met 'n agtspoed- ZF-outokas, 'n Eaton-ewenaarslot asook Bosch-elektronika. Goeie veiligheidstoerusting behels onder meer ses lugsakke, elektroniese remdrukverspreiding en ABS-remme. Prys: Tussen R400 000 en R600 000



BYD Shark 6 Premium

Hierdie ratse (pad)haai maak gebruik van 'n 1,5-viersilinder-turbo-petrolenjins en is 'n PHEV-inprop-hibriede voertuig. Dus gooi hierdie dubbelkajuitbakkie 321 kW en 650 Nm uit.

Volgens BYD, kan die Shark 'n 0-100 km/h snellen in 5,7 sekondes voltooi. Hoewel die brandstofverbruik gemiddeld was, lewer die indrukwekkende bakkie 'n maksimum reikafstand van 760 km vanweë sy bykomende 29,6 kWh-battery en 70 liter-brandstoftenk. Die kajuit is uitstekend toegerus met hoëgehalte standaard toerusting.

Hoewel die grondvryhoogte 230 mm is, is veldry minder doeltreffend weens die afwesigheid van 'n laestrek-funksie. Prys: R959 900.



Toyota Hilux Legend 55

Hierdie betroubare bakkie is steeds die gewildste voertuig in Suid-Afrika en kraai al 10 jaar koning as die land se topverkopervoertuig met uitstekende inruilwaarde.

Dit bied 150 kW en 500 Nm se wringkrag deur die 2,8-liter-viersilinderturbodiesel, gekoppel aan 'n sesgang-automatiese ratkas. Hierdie veilige keuse kort vernuwing. Prys: R935 900



VW Amarok 2.3 Panamericana

Die opgedateerde model beskik oor 'n viersilinder-turbopetrolenjins wat 222 kW krag en 452 Nm wringkras lewer. Die petrolaangedrewe Amarok is tans net in die Panamericana-afwerkingsvlak beskikbaar.

Uitstekende bougehalte en verrigting met 'n supergladde tiengang-outokas sonder hierdie bakkie uit. Ongeluk-kig sukkel Amarok om goeie verkope plaaslik aan te teken. Prys: R1 099 000



Bekostigbare kompakte motors

Uitskieter! Suzuki Dzire 1.2GL+

Die Suzuki Dzire het ons tydens die toetsperiode beïndruk. Die nuwe Dzire beskik oor 'n onaangejaagde 1,2-liter-driesilinderenjins met 60 kW wring en 112 Nm wringkras. Die luukse 1.2GL+ bied ook die keuse van 'n CVT-tipe ratkas.

Aangesien die kajuit baie ruim is, kan dit gemaklik vyf passasiers akkommodeer. Die sitplekke is gerieflik met genoeg skouer-, kop- en beenspase vir al die insittendes. Verder is die kajuit goed afgewerk sowel as toegerus gegewe die prys – met 'n uiters groot bagasieruim (378 liter) vir hierdie segment.

Die rit voel verbasend gemaklik, selfs op grondpaaie, met goeie greep en stabiliteit. Verder is die enjin gewillig en die ratkas se oorgooie stel beslis die standaard in sy klas. Hoewel die amptelike brandstofverbruik op 4,4 liter/100 km aangedui word, kon ons gemaklik tussen 4,5 en 4,8 liter/100 km handhaaf.

Die klein Japanees verdien sy uitskieterstatus. Prys: R246 900 (handrat)



BYD Atto 1 (ook bekend as BYD Dolphin Surf Dynamic)

Hierdie Chinese rakker is amptelik Suid-Afrika se goedkoopste vol-elektiese motortjie. Die fris Dynamic (dit is ook beskikbaar in die meer bekostigbare Comfort), bied 'n reikafstand van tot 295 km in stadsverkeer met 'n enkelrat-automatiese ratkas.

Die dolfyn het 'n 38 kWh-battery wat binne 'n halfuur tussen 30% en 80% herlaai kan word. Die Dolphin Surf het 'n streng 5-ster Euro NCAP-botsingtoets geslaag.

Die prys sluit 'n 3-jaar/100 000 km-voertuigwaarborg, 'n addisionele 3-jaar/100 000 km-batterywaarborg sowel as 'n 3-jaar/60 000 km-diensplan in. Prys: R389 000

Honda Amaze 1.2 Comfort CVT

Die derdegenerasie Honda Amaze wat in Indië gebou word, het vroeër vanjaar plaaslik geland en het ten doel om voort te bou op sy voorganger. Aangedryf deur 'n 1,2-liter-enjin is die Comfort beskikbaar met 'n CVT-tipe automatiese ratkas.

Met 'n totale lengte van 3 995 mm en 'n wielbasis van 2 470 mm, kan die Amaze gemaklik sitplek bied aan groot volwassenes. Die gewilde voertuig bied 'n 416-liter-bagasieruimte.

Die petrolenjins het goed vertoon aan die Kaapse kus en ritgehalte was goed met hantering wat beïndruk het. Jou beursie gaan boonop juig, want sy brandstofverbruik is 5,5 liter per 100 km!

Die kajuit is oulik bekleed en die harde plastiekoppervlaktes vertoon goed. Standaard toerusting is aanvaarbaar vir hierdie segment en algeheel het dié buksie beïndruk.

Die prys sluit 'n 5-jaar/200 000 km-waarborg en 'n 4-jaar/60 000 km-diensplan in. Prys: R294 900 (die Trend-handrat kos R254 900)



Klein/kompakte SUV's en Crossovers (kruisvoertuie) Uitskieter! Hyundai Alcazar Elite Outo 1.5D

Die Alcazar vervang Hyundai se gewilde sewesitplek-Grand Creta met 'n nuwe ontwerp wat ooglopend meer modern vertoon. Aangesien die Alcazar se sitplekke het, is dit tegnies nie meer 'n kompakte SUV nie, maar dit is te klein om in die mediumgrootte segment te kan meeding.

Die 1,5-liter-dieselenjin, wat net in die topmodel Elite te kry is, is 'n juweel in die vervaardiger se kroon met brandstofverbruik van gemiddeld tussen 4 en 5 liter per 100 km. Die Elite lewer 84 kW en 250 Nm se piekkras vir lewendige verrigting. Krag word na die voorwiele gestuur danksy 'n sesgang-outokas. Brandstofverbruik is indrukwekkend teen 5,8 liter vir 'n reikafstand van 800 km.

Die oulike voertuig se ruim kajuit is pragtig bekleed en uitstekend toegerus met 'n lang lys standaard toerusting. Hierdie voertuig is ideaal as 'n gesinsmotor en bied Hyundai se ekonomiese en betroubare mobiliteit teen 'n relatief bekostigbare prys.

Die prys van die Alcazar sluit Hyundai se 7-jaar/200 000 km-waarborg asook 'n 3-jaar/45 000 km-diensplan in. Prys: R669 900 (diesel)



Renault Kiger Techno-model

As intreevoertuig het die Renault Kiger deurlopend goed verkoop in hierdie gewilde segment. Die opgeknapte Fransman beskik steeds oor dieselfde 1-liter-driesilinderenjins wat 53 kW en 96 Nm lewer met 'n automatiese ratkas.

'n Grondvryhoogte van 203 mm beteken dat die waentjie gemaklik op 'n tweespoor-grondpad draf – solank dit nie vierwieltrek vereis nie. Die kajuit is modern uitgelê en relatief goed toegerus.

Die prys sluit 'n 5-jaar/150 000 km-waarborg en 'n 2-jaar/30 000 km-diensplan in wat help om die onderhoudskoste laag te hou. Prys: R254 999 (vyfspood outomaties)

WÊRELD LEIERS IN BALERS

BETROUBARE KWALITEIT



KLEIN VIERKANTBALER - MF 1840



GROOT VIERKANTBALER - MF 2234 XD



VASTE KAMER RONDE BALER - MF 3130F (SOOS FOTO)
VARIËRENDE KAMER RONDE BALER - MF 4160V

[SKANDEER VIR MEER INLIGTING]



**MASSEY FERGUSON
BALERS WORD ONTWERP
VIR DUURSAAMHEID,
BETROUBAARHEID EN
HOË-DIGTHEID
BAALPRODUKSIE IN HOOI,
KUILVOER EN STROOI.**

Hulle bied 'n wye reeks opsies, insluitend klein vierkantbalers wat bekend is vir eenvormigheid, konstante digtheid en maklike hantering. Ronde balers wat eenvoudig en betroubaar is. Die groot vierkantbaler-reeks is gebou vir hoë kapasiteit met kenmerke soos 'n weegstelsel, knoper waaier en geïntegreerde hidrouliese stelsels vir presiese beheer en konstante uitset.

VIR MEER INLIGTING BESOEK ONS WEBWERF OP
WWW.MASSEYFERGUSON.COM



MG ZS Luxury

Die Chinese SAIC-groep, nou die sewende grootste motorvervaardiger in die wêreld, het die MG ZS in Suid-Afrika beskikbaar gestel. Aandrywing is deur die voorwiele danksy 'n 1,5-liter-turbopetrolenjin wat 84 kW en 150 Nm se piekkrag lewer – met 'n viergang-automatiese ratkas. Die kajuit is goed toegeus en, gegewe die prys, ook goed afgewerk.

Die prys sluit 'n 7-jaar/200 000 km -waarborg en 'n 5-jaar/60 000 km-diensplan in. Prys: R309 900



Mediumgrootte SUV's en SAV's (sportaktiwiteits-voertuie)

Die spesifieke segment blyk tans die besigste en gewildste in Suid-Afrika te wees. 'n Lang lys van modelle in hierdie klas is in 2025 plaaslik bekend gestel.

Uitskieter! Haval H6 GT PHEV

Die Haval H6 is 'n sportaktiwiteitsvoertuig (SAV) wat 'n 1,5-liter-viersilinderturboaangejaagde-petrolenjin (110 kW/230 Nm) kombineer met twee elektriese motors (een op elke as) wat krag kry danksy 'n 35,43 kWh-batterypak wat dan die krag na al vier wiele stuur.

Gekombineerde piekkraglewering is 321 kW en 762 Nm wat die totale gewig (2 075 kg) van die H6 van 0-100 km in slegs 4,9 sekondes laat versnel – wat dit een van die vinnigste SUV's in sy kategorie maak. Die Haval H6 GT PHEV is 'n reusesprong vorentoe vir GWM.

Die voertuig het al ons verwagtinge oortref en ons mateloos beïndruk met talle verbeteringe. Nie net het die kajuit se gehalte-afwerking, toerusting en uitleg ons aangenaam verras nie, maar ons was mateloos beïndruk met die indrukwekkende kraglewering en verrigting. Verstommend genoeg het ons algeheel 'n gemiddelde brandstofverbruik van 5,5 liter/100 km oor meer as 1 000 km behaal!

Volgens Haval bied die nuwe H6 GT PHEV 'n 100 km plus-reikafstand op die battery met 'n gekombineerde reikafstand op petrol en battery van meer as 1 000 km.

Gegewe die luukse afwerking, uitstekende ekonomie en gemaklik

ritgehalte, is die Haval H6 GT PHEV beslis waarde vir geld in hierdie segment vanweë die koopprys van minder as R800 000.

Die Haval H6 GT PHEV is ongetwyfeld die voertuig wat ons tot dusver vanjaar die meeste verras en beïndruk het! Prys: R799 900

VW Tiguan Tayron 1.4TSi R-Line

Die R-Line se 1.4-liter-petrolenjin is gekoppel aan 'n sewegang-DSG-ratkas. Hierdie voorwiel-aangedrewe sportnuts lewer goeie ritgehalte en brandstofgebruik van 6,1 liter/100 km.

Die Tayron spog met 'n pragtige, moderne kajuit wat goed toegeus is. Die passasier kan agter die stuur inskuif op leerbedekte sportsitplekke.

Ongelukkig tel die stywe prys teen dié bulletjie. Prys: R899 900



Omoda C7 SHS PHEV

Dié inprop-hibried se gedeelde dryfstelsel bestaan uit 'n 1,5-liter-petrol-turbo-enjin en 'n 18,3-kWh-batterypak om altesame 225 kW en 525 Nm se wringkrak te lewer. Gemiddelde brandstofverbruik is 'n skaflike 5 liter/100 km met 'n reikafstand van 1 200 km. Hierdie Haval lewer goeie ritgehalte en paddinamika.

Sy luukse, moderne kajuit is omvattend toegeus met uitstekende afwerking wat bydrae tot 'n luukse ervaring. In hierdie segment bied die C7 goeie waarde vir geld.

Die prys sluit 'n 7-jaar/200 000 km-waarborg in met 'n 10-jaar/onbepaalde kilometer-waarborg op die batterypak vir die eerste eienaar. 'n 5-jaar/75 000 km-diensplan is ingesluit. Prys: R689 900



Toyota Corolla Cross 1.8 Hybrid XR

Die hibriede dryfstelsel van hierdie deftige kêrel bestaan uit 'n 1,8-liter-onaangejaagde petrolenjin en 'n addisionele elektriese motor wat deur 'n batterypak aangedryf word om gesamentlik 92 kW en 142 Nm piekkrag te lewer.

Krag word na die voorwiele gestuur deur middel van 'n CVT-ratkas. Brandstofverbruik word amptelik aangedui op 4,3 liter per 100 km.

Die prys sluit Toyota se 3-jaar/100 000 km-voertuigwaarborg in, asook 'n 6-diens/90 000 km-diensplan met intervale van 15 000 km. Prys: 545 200



Jaecoo J7 SHS PHEV

Die Jaecoo J7 SHS inprop-hibriede voertuig is toegeus met 'n kragtige en tegnologies gevorderde aandrywingstelsel wat gebruik maak van 'n 1,5-liter-viersilinderturbopetrolenjin gekombineer met 'n kragtige elektriese motor wat in die slim automatiese ratkas ingebou is.

Die 18,3-kWh-batterypak lewer 150 kW en 310 Nm se piekkrag. Saam met die turbopetrol-enjin is die totale kraglewering 255 kW en 525 Nm.

Brandstofverbruik is amptelik aangedui op 4,7 liter per 100 km gekombineer met elektriese aandrywing en die ratse sportnuts versnel van

0-100 km/h in slegs 8,5 sekondes. Met slegs elektriese aandrywing, bereik die voertuig 'n reikafstand van 'n skamele 90 km, maar 'n veel indrukwekkender R1 200 km wanneer die aandryfstelsel gekombineer word. Prys: R689 900
*BMW SA (X3 20d X-Drive) en Mercedes SA (AMG GLC 43 Coupe) het nie voertuie beskikbaar gemaak om te toets nie.



Familiesportnutse Uitskieter! Toyota Fortuner GR Sport

Toyota Fortuner se gewildheid op eie bodem neem aaneenlopend toe en die kragreus is reeds oor baie jare heen die topverkoper-SUV in Suid-Afrika.

Die nuwe Toyota Fortuner GR Sport-model spog met beter verrigting danksy 'n opgradering van 150 kW en 500 Nm na 165 kW en 550 Nm. Krag kan steeds tussen 4x2- en 4x4-modus gewissel word vanweë die sesgang-automatiese ratkas wat behou is in die opgekikkerde weergawe. Sonder die wyer bakpaneel as vorige modelle, is hierdie die kragtigste Fortuner nog.

Binne die kajuit is rooi veiligheids gordels en GR-kentekens gebruik om die Fortuner se sportiewe eenskappe verder te beklemtoon. Die leerraam-onderstel is nadelig wanneer dit by dinamiese hantering kom, maar danksy verbeterde skokbrekers en vering is die paddinamika van die Fortuner GR-S ook meer sportief – en danksy Toyota se legendariese veldryvermoë is hierdie biële baie gemaklik en bekwaam op enige terrein. Die koopprys sluit 'n 3-jaar/100 000 km-waarborg in en 'n 9-diens/90 000 km-diensplan. Prys: R1 miljoen



Omoda C9 2.0T Explore AWD

Die Omoda C9 is 'n luukse SUV wat daarop gemik is om kopers wat swierige Duitse SUV's aanskaf se koppe te laat draai – en hulle dalk van besluit te laat verander. Hierdie pragvoertuig het 'n 2-liter-turbopetrolenjien wat 192 kW en 400 Nm wringkrak lewer met 'n agtspoed-automatiese ratkas.

Wat grootte betref, is die C9 4 775 mm lank en 1 920 mm breed met 'n dakhoogte van 1 671 mm. Die motor is bevoorbeeld langer, breër en hoër as die huidige BMW X4, maar kleiner as die Toyota Fortuner.

Die topmodel C9 Explore AWD se ratkas bied onder meer ratspane agter die stuur asook verskillende ritmodusse onder meer vir veldry en aanpasbare vering. Tog sal ek bestuurders aanraai om eerder grondpad te ry met die biële.

Die prys sluit 'n 7-jaar/100 000 km-diensplan, 'n 7-jaar/200 000 km-voertuigwaarborg en 'n 10-jaar/1 miljoen km-enjinwaarborg in (vir die eerste eienaar). Prys: R885 900



Kia Sorento 2.2 CRDi SXL AWD

Die Kia Sorento SXL se 2.2-liter-turbodieselenjin lewer 148 kW en 440 Nm met 'n agtgang-dubbelkoppelratkas. Die dryfstelsel-kombinasie lewer goeie brandstofverbruik en met gemiddelde syfers van 6,8 liter per 100 km is dit nog 'n goeie rede om hierdie ryding aan te skaf.

Hierdie luukse maar praktiese sewesitplekker ry op 20-duim-bande. Die ruim kajuit ruim is gerieflik toegesluit vir bestuurders en passasiers en beskik oor omvattende passiewe en aktiewe veiligheidsstelsels.

Kia se jongste SUV is ewe gemaklik op grondpad as teer – en dit is ideaal vir vakansiekuisers saam met die familie. Die kragtige model kan ook gemaklik 'n boot trek vir avontuurlustige

uitstappies. Die koopprys sluit Kia se 5-jaar/onbepaalde km-waarborg sowel as 'n 6-jaar/90 000 km-onderhoudsplan in. Prys: 1 299 995



Luukse sportnutse Uitskieter! Lexus GX550

Die nuwe Lexus GX550, gebaseer op die huidige Toyota Land Cruiser Prado, is nou ook in 'n Overtrail-afwerking beskikbaar. Lexus se nuwe vyfsitplek-Overtrail kragwa is gereed vir die veld maar steeds baie deftig vir fynproewers-kopers. Hy is ook steeds toegerus met al die nodige gesofistikeerde 4x4-veldrytegnologie soos onder meer laestrek. Die merkwaardige 3,4-liter-V6-turbolenjin lewer 260 kW en 650 Nm se piekkrak, soortgelyk aan dié wat vanjaar in die Dakar-wenner se Toyota Hilux gebruik is. Die sterk enjin met sy tien-gang-automatiese ratkas stuur krag na al vier die wiele. Hierdie indrukwekkende voertuig is ook uiters veldvaardig vanweë die twee ewenaarslotte en die laestrek-ratkas.

Met sy 80-liter-brandstoftank is die reikafstand sowat 500 km, vir praktiese doeleindes. Brandstofverbruik van tussen 10 en 16 liter per 100/km maak die Lexus 'n dors reus.

Die kajuit is tipies luuks op die Lexus-manier met standaard toerusting wat verseker dat passasiers gerieflik en veilig

bly tydens 'n wild-en-wakker veldrit.

Die Lexus GX550 bied die beste van twee wêreldes – 'n luukse koets vir strikdasgeleenthede in betonpaleise, en ook 'n soort Tarzan-superheld wanneer die veld en klipoerwoude getem moet word.

Die stewige koopprys sluit 'n 7-jaar/100 000 km-waARBorg en -diensplan in met intervale van 10 000 km. Prys: R1 867 000



Range Rover Sport D350 Autobiography – R2 595 100

Hierdie kragtige k  rel se 3,0-liter-turbodiesel is weer 'n slag van nader bekyk. Die nuwe D350, soos hy gedoop is, stoot die krag van 221 kW na 257 kW op en wringkrag van 650 Nm tot 700 Nm. Brandstofverbruik is goed tussen 8,4 liter en 8,7 liter per 100 km.

As gevolg van wakker verrigting, versnel die D350 van 0-100 km in slegs 6,8 sekondes. Sou jy jou voet op die petrolpedaal hou, sal die Range Rover eers op 234 km/h uitasem raak. Binne is die kajuit weelderig beklee en omvattend toegerus soos dit die koets van 'n koning betaam. Die laestrek-ratkas en 4x4-vastrap is uitsonderlike kenmerke van hierdie uber-luukse voertuig.

Die prys sluit 'n 5-jaar/100 000 km-waARBorg en 'n 5-jaar/100 000 km-diensplan in. Prys: R2 595 100




Audi Q7 55 TFSI quattro Tiptronic Platinum Edition

Die 2025 Q7 is reeds die derde generasie luukse Audi SUV – en met elke generasie verbeter hierdie spoggerige ryding!

Die Q7 55 TFSI is die basiese petrol-weergawe van die reeks, maar 'n dieselmotor sal blykbaar later beskikbaar raak. Die 55 TFSI is toegerus met 'n kragtige 3,0-liter-turbo-aangejaagde-V6-petrolenj  n wat 250 kW en 500 Nm se piekkrag uitskop danksy die hulp van 'n ligte hibriedestelsel. Die stelsel maak gebruik van 'n elektriese motor wat nie net help om kraglewering te verhoog nie, maar toesien dat die enjin krag meer effektief lewer.

Danksy die Quattro se vierwielaandrywing, word die krag met 'n agtgang-otomatiese ratkas na al die wiele



gestuur vir blitsige versnelling. Terwyl die topspoed elektronies tot 250km/h beperk word, duur die 0-100 km/h-lopie slegs 5,6 sekondes. Brandstofverbruik van 9,3 liter/100 km is uitstekend en plaas hom in dieselfde klas as die Q8, hoewel die Q7 meer geskik is vir die gesin wat waarde heg aan daaglikse gerief en veelsydigheid. Die paneelbord voel ekstra luuks vanwe   topgehalte-afwerking, leer en tegnologie. En met topklas-ingenieurswese is veiligheid 'n besliste waARBorg.

Die prys sluit 'n 5-jaar/100 000 km-Audi Freeway-diens en onderhoudsplan in. Prys: R1 958 000

Met al hierdie wonderlike koetse en nutse wat vanjaar bekend gestel is, is daar veel te kies en keur vir enige begroting hierdie Kersfees.



Putting Maize Farmers First

With Corteva Crop Protection

Uphold[®] 360 SC

Jemvelva[®]

INSECTICIDE

Lepidopteran
Species

Fall Army
Worm



Uphold[®] 360 SC (Reg. No. L10164) insecticide has been developed to deliver quick knockdown and long residual control of lepidopteran pests, including hard-to-control lepidopteran species on maize, sweetcorn and sorghum.



Jemvelva Active[®] protects both your maize crops and the environment. This active offers a favorable environmental profile and makes use of recognized unique green chemistry - making it an excellent insecticide to use when striving for sustainable and environmentally friendly agricultural practices.

Scan This Code To View This
Product Webpage



FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER: Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd • Reg. No. 1997/003030/07 • **Paarl** +27 (0) 21 003 8259 • **Centurion** +27 (0) 12 683 5700 • 2nd Floor, Building A, Lakefield Office Park, 272 West Avenue, Centurion, 0157, Gauteng, Republic of South Africa.

ALWAYS USE ACCORDING TO THE LABEL RECOMMENDATIONS: Uphold[®] 360 SC contains Spinetoram/methoxyfenozide (360 g/L) • Reg. No. L10164 | Act No. 36 of 1947 | **WARNING HAZARD STATEMENT(S)** May cause an allergic skin reaction. Suspected of damaging fertility. Very toxic to aquatic life with long lasting effects. TM® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2024 Corteva.

UPHOLD[®] 360 SC



DOWNLOAD OUR CORTEVA FARMFUNDI APP FOR MORE RESOURCES



Putting South African maize farmers first



Article supplied

Effective crop protection solutions from Corteva Crop Protection

South African maize farmers face a unique set of challenges every season, from battling damaging pests and evolving resistance, to managing climate variability and ensuring profitable yields. At Corteva Crop Protection, our priority is to put maize farmers first by providing effective, practical solutions tailored to the realities of maize production in South Africa.

We understand that protecting your maize crop against insects is critical to securing high yields and maximising profitability. Our maize portfolio includes trusted products designed to meet these challenges head-on, with proven performance, safety, and sustainability in mind.

Tackling maize insect pests with Uphold® 360 SC (Reg. No. L10164)

Among our most effective tools for maize pest control is Uphold® 360 SC, a powerful insecticide formulation designed specifically to deliver rapid knockdown and long-lasting control of Lepidopteran pests, including those hard-to-control species that threaten maize yields.



Why maize farmers choose Uphold® 360 SC

- Dual action: Effective both by contact and ingestion, ensuring comprehensive pest control.
- Short pre-harvest interval: Allows flexibility in crop management and harvest scheduling.
- Low mammalian toxicity: Favorable toxicological profile for operators and surrounding communities.
- Rotation-friendly: Suitable to rotate with other insecticide groups, helping manage pest resistance.
- Protects beneficial insects: Low risk to beneficial insects once spray deposits have dried, supporting ecological balance.

This combination of features makes Uphold® 360 SC a reliable and farmer-friendly choice for maize pest management in South Africa.

Understanding the challenges South African maize farmers face

South African maize farmers operate in complex and ever-changing environments. Climate variability means that pest pressure can be unpredictable and severe. Furthermore, the increasing development of insect resistance requires smart rotation and integrated pest management approaches.

Farmers also seek solutions that are safe for their workers and the environment, without compromising efficacy. The need for products with lower toxicity profiles and shorter pre-harvest intervals is more important than ever.

How Corteva Crop Protection supports maize farmers

We prioritise supporting farmers through:

- Providing effective crop protection products such as Uphold® 360 SC, designed for tough pest control challenges.
- Offering expert advice and tailored recommendations on which products to use and when, based on local pest dynamics and farming practices.
- Delivering digital tools and agronomic insights that help

farmers optimise crop protection timing and application for maximum impact.

- Encouraging responsible and sustainable pest management practices that protect both the crop and the environment.

Our commitment to sustainable and practical solutions

Corteva Crop Protection is continuously evolving its product portfolio, focusing on innovations that meet the needs of today's maize farmers while anticipating tomorrow's challenges.

Our research and development prioritise natural, safe, and sustainable crop protection options alongside advanced chemistries. This ensures that maize farmers have a wide range of solutions available, multiple modes of action, effective control, and environmental responsibility, to protect their crops and livelihoods.

The farmer-first approach in action

We know that every maize farm is different and that challenges vary widely across South Africa's diverse growing regions. That's why we emphasise a farmer-first approach: listening to your needs, understanding local conditions, and providing products and advice that fit your unique situation.

Our expert teams are dedicated to helping maize farmers succeed – not only by supplying trusted products such as Uphold® 360 SC but also by offering the knowledge and tools needed to integrate these solutions effectively into your farming operation.

Looking ahead together

By partnering with Corteva Crop Protection, maize farmers gain access to effective, trusted crop protection products alongside ongoing support and innovation. We aim to help you produce higher-quality, healthier maize, better protected against pests, in a way that respects the environment and promotes long-term farm profitability.

With this focus on practical solutions and farmer priorities, we're committed to helping South African maize farmers grow strong, productive crops season after season.

For more information on our maize crop protection solutions, including Uphold® 360 SC, visit www.corteva.co.za or connect with us on **Facebook, LinkedIn, and YouTube** or easily download the Corteva FarmFundi App from the website.



FAW TRUCKS
SOUTHERN AFRICA

f @ X in
www.faw.co.za

NUMBER 1 SAVINGS

MAKE IT HAPPEN WITH LIMITED TIME EXCLUSIVE OFFERS



6.130FL
NOW R 275 000 EXCL. VAT

SAVE R 20 000

JK6 15.220FL
NOW R 479 000 EXCL. VAT

SAVE R 20 000

JK6 16.260FL
NOW R 630 000 EXCL. VAT

SAVE R 30 000

JH6 33.420FT
NOW R 1 024 000 EXCL. VAT

SAVE R 50 000

Valid while stock last | 6th October - 31st December 2025 |
Ts & Cs Apply - Offer applicable to C/C only

Head Office:

45 Brabazon Road, Isando Gauteng |
+27 (0) 87 700 2810

SCAN THE
QR CODE TO
CONTACT US



Graanboer

van die Jaar 2025:

Landbou 'n riskante besigheid'

Hansie Viljoen van Leeudoringstad is in November aangewys as Graan SA/Syngenta se Graanboer van die Jaar 2025.

Hansie en sy vrou, Wilmarie, en hulle drie seuns, Kobus, Dihan en Henrikus, bedryf die Viljoen Boerdery naby Leeudoringstad in die Noordwes-provinsie.

Hierdie gesogte toekenning gee erkenning aan Hansie se innoverende, gedissipleerde en inligtinggedrewe benadering tot graanboerdery. Presisieboerdery-tegnologie, die bestuur van grondgesondheid en 'n sterk besigheidsin gee hom 'n voorsprong in die landbousektor.

Hansie se boerdery is 'n toonbeeld van volhoubare diversifikasie met die produksie van mielies, sojabone en ander gewasse. Sy mensgedrewe bestuursfilosofie en voortdurende belegging in vaardighede en tegnologie sorg vir 'n wenresep.

Sy benadering is gerig op generasienalatenskap en hy doen alles in sy vermoë om gesonde grond vir sy nageslag na te laat. "Ek besef die ware prys van sukses lê nie in tonnemaat nie, maar in die gesondheid van die grond wat ons agterlaat."

Presisieboerdery dryf volhoubaarheid

Hansie maak intensief gebruik van presisieboerdery, slim besproeiing en GPS-tegnologie om sy hulpbronne sonder vermorsing ten volle te benut. Dit stel hom in staat om elke vierkante meter van sy plaas optimaal en volhoubaar te bestuur.



Richard Krige, voorsitter van Graan SA, Luc Henry, besturende direkteur van Syngenta, Dihan, Hansie, Wilmarie, Henrikus en Kobus Viljoen, en dr. Tobias Douer, uitvoerende hoof van Graan SA. (Bron: Graan SA)

Hy bewys dat 'n toekomsbestande boerdery, gebou op beplanning, tegnologie en respek vir die grond, ten spyte van ekonomiese uitdagings suksesvol kan wees.

Van familieplaas tot gesinsonderneming

Hansie het sy liefde vir boerdery by sy ouers gekry. Hy het in 1986 met 'n BAgric-graad van die Universiteit van die Vrystaat saam met sy ouers in 'n gemengde boerdery met graan, vee,

'n voerkraal en 'n melkery begin boer.

Mettertyd het hy die boerdery oorgeneem en dit ontwikkel van 'n familieplaas na 'n groot, gestruktureerde gesinsonderneming waarby sy drie seuns ook betrokke is.

Elkeen van die seuns dra met sy eie belangstelling en vaardighede by tot die boerdery. "Dis makliker om suksesvol te wees as jy kinders het wat saam met jou wil boer," sê Hansie. "Mense is 'n onmisbare deel van jou besigheid."



Hansie Viljoen, patriarg van die Viljoen Boerdery van Leeudoringstad in die Noordwes-provinsie, wat pas aangewys is as Graan SA/Syngenta se Graanboer van die Jaar 2025. (Bron: Graan SA)

Kobus is saam met sy oupa by Tau Meule, Dihan hanteer die beesvertakking en Henrikus is betrokke by die besproeiings- en wildboerdery.

Suksesvolle boerdery oor landsgrense heen

Die Viljoen Boerdery strek oor dele van die Vrystaat en Noordwes, asook Ghanzi in Botswana. Dit sluit droëland-sowel as besproeiingsproduksie in en is gekoppel aan hulle eie meule wat die waardeketting verleng en diversifiseer.

Hulle verbou mielies, sojabone, aartappels en koring, het 'n Droughtmaster- en 'n Simmentaler-stoet sowel as 'n kommersiële Charolais-kudde.

Vir Hansie is risikoverspreiding belangrik – van mielies en sojabone op droëland tot aangeplante weidings, 'n voerkraal en selfs aartappelproduksie.

Hierdie kombinasie bied stabiliteit in 'n bedryf waar die produsent nie beheer het oor pryse, klimaat en insetkoste nie. "Die beste is vir ons 'n buffer – as die graanprys swaar kry, dra die diere by om die risiko te balanseer."

Presisie, tegnologie en grondgesondheid

Hansie is 'n groot voorstaander van presisieboerdery sowel as die gebruik van tegnologie om opbrengste en doeltreffendheid te verbeter. Volgens hom funksioneer hulle planters, trekkers en stropers soos 'n "geoliede masjien", selfs snags, danksy moderne beligting en GPS-tegnologie.

Mielies is die hoofgewas, en dit word ongeveer elke vier jaar met sojabone afgewissel; lande met laer potensiaal



Die Viljoen Boerdery sluit droëland- en besproeiingsproduksie in en is gekoppel aan 'n eie meule wat die waardeketting aanvul. (Bron: Graan SA)



word oorgelê indien daar nie genoeg vog in die grond is nie. Die vorige paar seisoene was die vensterperiode om klaar te plant 14 dae.

Presisieboerdery fokus op grondgesondheid. Met variërende kalktoediening, rotasies en die insluiting van biologiese produkte werk die Viljoens daaraan om die biologie van hul gronde te versterk. Wisselbou met sojabone het ook tot merkbare verbeterings in grondstruktuur en opbrengste gelei.

Jaarlikse kultivarkeuses word baseer op hulle kennis van die gewas, en proewe word vir nuwe kultivars geplant wat hul potensiaal toon. Opbrengsdoelwitte word bepaal volgens die potensiaal van gekarteerde gronde, en langtermyn gemiddelde data word ingespan om te meet en met die omgewings- en nasionale opbrengste te vergelyk.

Balans tussen chemie en biologie

Chemiese middels speel steeds 'n rol, maar Hansie beweeg doelbewus, na 'n meer geïntegreerde en biologiese benadering. Hoewel proewe bewys dat biologiese oplossings soms gelyke of selfs beter resultate as konvensionele chemiese middels bied, meen hy 'n balans moet gehandhaaf word.

"Enige stremming, hetsy 'n plaag, onkruid, hitte of wind, kos jou opbrengs. Hoe beter jy daardie stremming uitskakel, hoe sterker trek jou plant weg."

Plantgesondheid word deur blaaronthledings gemonitor met die doel om plante se groeikrag vir maksimum beskerming te stimuleer ter wille van wortelontwikkeling.

Dissipline en risiko-versagting

Viljoen beskryf boerdery as 'n "riskante besigheid" waar twee swak seisoene 'n mens kan breek.

Hy hou boek van alle koste, opbrengste en besluite – en het 'n nuwe stelsel, Xero, geïmplementeer om rekordhouding te verbeter. Xero bied fyn insig in elke vertakking se koste en opbrengste, asook voertuig- en trekkeruitgawes.

Boonop span Hansie Africlock in om die werknemers se ure en dieselverbruik na te spoor.

Alle aankope gaan deur 'n streng goedkeuringsproses, van kwotasies en bestellings tot WhatsApp-bevestigings wat daarna in Excel ingevoer word.

Begrotings word streng nagevolg en maandeliks hersien. Begrotings en kontantvloei word ook op

Excel gemonitor en reggestel – en Hansie-hulle besin ook gereeld oor gelykbreekpunte en prysseenario's. "Ons moet altyd weet teen watter prys ons wins kan maak. As jy nie jou syfers ken nie, bestuur jy blind," sê Hansie.

Maksimum uitset, minimum koste

Die Viljoens se trekkervloot bestaan uit trekkers van 75 kW tot meer as 300 kW, aangevul deur selfaangedrewe spuite en stropers vir mielies en sojabone. Trekkers word nie blindelings vervang nie, maar eers na sowat 6 000 ure en ook net wanneer dit finansiële en praktiese geregtig is.

Die 200 kW-trekkers word elke vierde of vyfde jaar vervang na gelang van hul finansiële posisie. Die 9 000-reeks trekkers lewer gemiddeld 1 700 tot 2 000 ure per jaar en jaarliks word een vervang.

Stropers, wat swaar werk op sojabone doen, word sowat elke drie jaar of op grond van tonnemaat vervang.

Koste-analise is vir Hansie belangrik: "Daar is altyd 'n *sweet spot* tussen herstellkoste en vervangingskoste. Ons stelsels wys wanneer dit tyd is om oor te skuif."

John Deere se Operations Centre monitor die trekkers se werksure en diensrekords digitaal, en plaasbestuurders en WhatsApp-verslae help om inligting op Excel vas te lê. 'n Eie span werktuigkundiges en streng instandhouding beteken selfs ouer trekkers is steeds produktief.

Spanwerk en motivering

Met meer as sewe plaasbestuurders en verskeie spanne werknemers, verg die bestuur van arbeid besondere aandag.

Hansie glo in oop kommunikasie en winsdeling. Die werknemers ontvang ekstra vergoeding vir nagskifte en word betrek by beplanning en besluitneming. "Ons sit elke oggend saam oor koffie en praat oor die dag se werk. Dit bou 'n spangees en gee vir elkeen 'n gevoel van eienaarskap," verduidelik Hansie.

"Langtermynverhoudings is vir ons belangrik – van die mense werk al meer as 20 jaar hier."

Slim risikobestuur

Met groot volumes graan en beesvleis wat die mark betree, is bemaking en verskanding 'n kritieke deel van die boerdery.

Benewens beesvertakking is Dihan ook verantwoordelik vir die kontraktering van graan en gebruik hy vooruit-kontrakte, pryspoele en verskansingsmeganismes om pryskommelings te bestuur.

Die gewasse en hoeveelhede wat geplant moet word, word gekoppel aan prysseenario's en uitvoerpariteit. "Ons moet altyd vra watter kultivar die



Die Viljoen Boerdery boer naas graangewasse ook met 'n Droughtmaster- en Simmentaler-stoet sowel as 'n kommersiële Charolais-kudde wat in swak graanjare die boerdery deurdra. (Bron: Graan SA)



Die Viljoen Boerdery se eie span werktuigkundiges verseker dat hulle toerusting goed opgepas word en net vervang word as die werkverrigting nie meer in pas met produksie bly nie. (Bron: Graan SA)

beste netto uitkoms per hektaar gee. Dit gaan nie net oor tonnemaat nie, maar oor winsgewendheid," sê Hansie.

Hy is ook in beheer van veebemaking. Die beste word elektronies op Livestock Intelligence gelaai – die diere beweeg deur drukgange, word beweeg, geklas en selfs geskei en al die inligting word outomaties op die stelsel gelaai.

Henrikus is in beheer van die wildboerdery waar teelgroepe elande op vier plekke voorkom. Seleksie berus op fisieke grootte en horings, terwyl DNS-monsters naspeurbaarheid verseker.

'n Pad vorentoe: Doeltreffer, gesonder en volhoubaar

Hansie glo dat opbrengste verder verhoog kan word deur beter kultivars, verbeterde biologiese grondgesondheid en meer doeltreffende gebruik van sonlig en water.

"Hierdie toekenning is nie net myne nie, maar ook vir my gesin en ons span. Boerdery gaan oor tydsberekening, spanwerk en vertroue,

en ek is trots om deel te wees van 'n sektor wat steeds groei, aanpas en ons volk voed."

Bronverwysings

Gomes, A. (2025) *Graanprodusent van die Jaar – finaliste bekendgestel Graan SA*
<https://sagrainmag.co.za/2025/10/08/graanprodusent-van-die-jaar-finaliste-bekendgestel/>

Grain SA honours excellence in agriculture at the 2025 Grain Producer of the Year Awards (2025)
 GraanSA
<https://www.grainsa.co.za/news-headlines/press-releases/grain-sa-honours-excellence-in-agriculture-at-the-2025-grain-producer-of-the-year-awards>

Hansie Viljoen: 'n Lewe van Volhoubare Groei en Generasienalatenskap (2025)
 AgriNews
<https://agrinews.co.za/hansie-viljoen-n-lewe-van-volhoubare-groei/>

Francois Rossouw:

Wes-Kaap se Jongboer kraai koning



deur Tisha Steyn

Francois Rossouw is vroeër vanjaar aangewys as die nasionale Toyota SA/AgriSA se Jongboer van die Jaar. Francois, die vierde geslag wat op Mooigezicht-landgoed, hul familieplaas in De Doorns in die Hexriviervallei met tafeldruiwe boer, is op 26 November as die Wes-Kaap se Jongboer van die Jaar aangewys.

"Dit was 'n ongelooflike voorreg om by die funksie te kon wees," sê Francois. "Dit was baie lekker om die ander provinsies se jongboere te ontmoet – ek het baie respek vir hulle as ongelooflike mense en uitstekende boere. Die beoordelaars het beklemtoon hoe naby die uitslae was en hoe sterk die groep van finaliste was en ek is bevoorreg om tyd saam met hulle te kon deurbring."

Volgens Francois was dit ook goed om die uitvoerende bestuurders van die provinsiale Agri-verenigings te ontmoet, asook die hoofbestuur van Toyota, die hoofborg, wat baie moeite gedoen en geld in die kompetisie belê het, veral ten opsigte van die gala-aand en om almal daar te kry – sowel as die pryse wat hulle borg.

"Ek het die toekenning glad nie verwag nie, maar ontvang dit met die

grootste nederigheid en dankbaarheid. Ek beskou dit as 'n genade. Ek is opgewonde oor wat die toekoms vir landbou inhou, maar ook watter invloed die toekenning in die toekoms op my lewe kan hê.

"Dit is nie 'n individuele prestasie nie, maar iets waarop ons hele maatskappy trots is. Dit is 'n prestasie van die hele maatskappy, want ek sal as jongboer nie my passie kan uitleef sonder dat elkeen van ons personeel hulle nie so goed van hulle taak kwyt en baie lang en harde ure insit nie.

"Dit is vir my lekker om te sien dat die mense in ons maatskappy opgewonde is oor die toekenning – dis belangrik, want dis waaroor dit gaan. Ek dra die toekenning aan hulle op. Dit is ook vir my familie en my vrou wat my so ongelooflik ondersteun."

Francois sê vier goed van die nasionale kompetisie staan vir hom uit: "Die feit dat ek kon deel wees van die kompetisie het my oë laat oopgaan en my wêreld verbreed. Ek was bevoorreg om met ons landbouleiers en die minister te doen te kry en te sien watter ongelooflike werk hulle doen, asook hulle positiwiteit oor landbou, veral te midde van die baie kritiek wat hulle

kry. As 'n mens dit nie ervaar nie, sien 'n mens dalk net die slegste raak, maar ek dink die departement kry glad nie genoeg erkenning vir wat hulle doen en insit in landbou nie."

Dit was vir hom ook lekker om groot ondernemings soos Toyota en Santam se beplanning betreffende en betrokkenheid by landbou te sien. "Dit maak 'n mens ongelooflik positief."

Georganiseerde landbou is ook vir hom uitsonderlik. "Ek het nog altyd daarvan geweet, maar voor die kompetisie nie genoeg kennis daarvan gedra nie. Hulle kry definitief ook nie altyd die erkenning wat hulle toekom vir al die probleme wat hulle moet oplos nie. Dit was lekker om te sien wat hulle alles vermag en die ondersteuning wat hulle vir boere bied – dit laat mens verstaan hoekom georganiseerde landbou al 200 jaar bestaan!"

Dit was 'n belewenis om die ander jong boere te ontmoet, sê Francois. "Dit gee vir my die versekering dat landbou se toekoms in baie goeie hande is. Dit is boere wat elkeen ook hulle eie uitdagings het, maar positief is en die uitdagings oorkom, wat vorentoe gaan en volhoubaar boer, wat rentmeesters is en wat landbou weer kan

oorgee aan die volgende geslag. Hulle stel ook belang in die gemeenskap. Hulle glo daarin dat landbou ekonomiese en sosiale stabiliteit in hulle eie gemeenskappe, hulle provinsie en die res van die land skep."

Die kompetisie het Francois opnuut oortuig dat boere moet hande vat met georganiseerde landbou, groot maatskappye wat landbou ondersteun, die regering en ander jongboere om landbou vorentoe te vat. "Landbou speel so 'n groot rol, ons kan nie anders as om positief daaroor te wees nie."

Mooiegezicht-landgoed

Die Mooiegezicht-boerdery staan op vier bene, naamlik produksie, bemaking en logistieke en pakmateriaal wat gesamentlik maksimum waarde tot die produk voeg. Daar is tien produksie-eenhede wat 400 ha tafeldruifwe, waarvan 18 pitlose variëteite, produseer – en wat regoor die wêreld,

take te hanteer. Hy is verantwoordelik vir vyf van die 10 produksie-eenhede, en sy take sluit die daaglikse bestuur en begrotings van hierdie eenhede in. Francois verrig ook verskeie oorhoofse take op die plaas, soos grondvoorbereiding, besproeiing en spuitprogramme. Tans werk hy ook aan 'n groot son-energieprojek wat binnekort in werking gestel gaan word.

Volgens Francois is opleiding en die opheffing van hulle werkers, wat sowat 2 000 in die seisoen beloop, belangrik en hy sê die boerdery hou talle voordele vir hulle in, waaronder sosiale ontwikkelingsprogramme vir die volwassenes en kinders, asook 'n kliniek en biblioteek op die plaas. "Met die groot aantal werkers in die seisoen, moet ons korrek optree en vooruit denkend wees om te voldoen aan wetgewing," het hy vroeër in 'n onderhoud met ProAgri Media gesê.

Jannie Strydom, uitvoerende hoof van Agri Wes-Kaap, het Francois ná sy aanwysing as Agri Wes-Kaap se Jongboer van die Jaar so beskryf: "Francois is die soort jong boer wat hoop gee vir die toekoms van landbou in ons provinsie. Sy benadering tot bestuur – van presisieboerdery en tegnologie tot mense-ontwikkeling en gemeenskapsbetrokkenheid – toon 'n buitengewone balans van kundigheid en menslikheid. Hy is 'n waardige ambassadeur vir ons provinsie."

Agri SA het Francois geluk gewens met sy toekenning as sy Jongboer van die Jaar. "Francois se leiding by Mooiegezicht Estates, sy tegnologie-gedrewe benadering tot water en voeding, en sy fokus op mense-ontwikkeling maak hom 'n ware kampioen van die Hexriviervallei. Sy visie dra by tot 'n mededingende, volhoubare tafeldruifbedryf."



Francois en Jean-Marie by die voertuig wat hy as prys van Toyota SA ontvang het.

van Kanada tot Amerika, Europa, die Verenigde Koninkryk, die Midde-Ooste, Suidoos-Asië en China uitgevoer word.

Die familieboerdery sluit sy pa, Francois sr., besturende direkteur, sy oom Stephan, mede-eieaar en bemakingsdirekteur, Laetitia, sy pa se jongste suster wat ook betrokke is by bemaking, asook haar man, Tyron Jardim, wat op Mooiegezicht se direksie dien en die logistieke bestuurder is.

Francois dien ook op die direksie en hy help om die strategiese en finansiële



Francois Rossouw is vroeër vanjaar aangewys as Agri Wes-Kaap se Jongboer van die Jaar 2025. (Bron: Agri Wes-Kaap)

EFFICIENT GROUND PREP

FORIGO

Ready to fit you



EFFICIENT PLANTING



EFFICIENT WEEDING



Ferrari
GROWTECH
veg equipment innovators



REBELO
AGRICULTURAL GROUP

CONTACT US

011 613 7438

082 716 1664

072 525 9047

VISIT US AT

www.rebelo.co.za

 @rebeloagri

 @Rebelo Agricultural

PARTNERED WITH THOSE WHO FEED THE NATION!

Richard Armstrong:

2025 Skaapboer van die Jaar

'n Dohne-Merino-leier



deur Tisha Steyn

Richard Armstrong van die plaas Tweeddale naby Cathcart in die Oos-Kaap is op 12 November 2025 aangewys as Voermol se Skaapboer van die Jaar.

Tisha Steyn het met hom gesels oor die pad wat hy geloop het om hier te kom. Richard is die derde geslag wat op Tweeddale, 'n plaas wat sy oupa in 1937 gekoop het, boer. "Ons was gelukkig om deur die jare die boerdery te kon uitbrei," vertel hy.

Richard, wat op Tweeddale grootgeword het, het in 1989 by Queen's College in Queenstown (nou Komani) gematrikuleer. Na sy nasionale diensplig het hy twee jaar aan die Cedara Landboukollege in Hilton, KwaZulu-Natal, studeer, voordat hy in die Verenigde Koninkryk en veral in Skotland op plase gaan werk het. In Desember 1995 is hy terug plaas toe om saam met sy pa, Barry, te gaan boer.

"Ek en my pa het 'n ongelooflike verhouding gehad en hy was my belangrikste rolmodel en mentor. Hy het die ondervinding gehad en ek die energie, en ons was 'n fenomenale span. Ek is baie gelukkig om in 'n hegte landbougemeenskap te wees waar ons saam werk en mekaar help en inspireer."

Richard is getroud met Mandy, wat 'n belangrike rol in die boerdery-onderneming speel. "Sy is lief daarvoor om die

stoet en finansiële rekords op datum te hou. Ons terg altyd dat sy baie rolle vertolk, van huishouding tot menslike hulpbronne en hoof-finansiële beampte, maar veral liefdevolle vrou en ma van ons twee kinders Ben en Jodi".

Ben (20) studeer aan die Universiteit Stellenbosch en Jodi (15) is volgende jaar in gr. 10 by Kingswood College in Makhanda (voorheen Grahamstad).

Tweeddale

Tweeddale lê 1 500 m bo seespieël en kry gemiddeld 530 mm per jaar,

hoofsaaklik gedurende die somer. Die winters is koud en soggens is die temperature dikwels onder vriespunt. Vroeër jare het dit gesneeu op die plaas, maar dit gebeur nie meer so dikwels nie. Die veld word getipeer as Dohne-suurveld en die drakrag is 4 ha per grootvee-eenheid. "Ons boer tans op 11 000 ha, waarvan 150 ha onder aangeplante droëlandweiding. Lamtyd vind gedurende die laat winter en vroeë lente plaas."

Lamsiklus

Richard volg 'n goedbeplande lamsiklus



'n Jong ram.



'n Trop ooie op suurveld. Die Dohne-Merinos is geteel om op hierdie tipe grasveld te floreer.

om gunstige klimaatstoetande en die beskikbare weiding ten volle te benut.

Hy het drie oigroepe wat op verskillende tye lam. In April lam die 350 gesinchroniseerde ooie almal binne drie dae in klein kampe op hawerlande. In Augustus lam die laparoskopie- en stoetooie in klein kampe op hawerlande, voordat hulle na natuurlike veld verskuif word. "Daar is tans 550 stoetooie en ons lam ook 550 uit die kommersiële kudde. Die lamperentasie is 125% en die speenpersentasie 110%, "sê Richard.

In November lam die kommersiële ooie, wat tussen 4 000 en 5 000 lammetjies kan lewer, op natuurlike veld.

Tweeddale Dohne-Merino

"My pa het 'n kommersiële Dohne-kudde in die 1970's begin opbou. In 1980 het sy goeie vriend Cameron McMaster, wat toe die bestuurder by die Dohnevereniging se kantoor was, my pa oorrede om 'n groepteelskema vir Dohne Merino-stoettelers te bestuur.

"Dit was vir hom 'n baie opwindende tyd wat tot sowat die jaar 2000 voortgeduur het toe die studiegroep om verskeie redes tot niet gegaan het. Ek het toe die stoet onder die naam Tweeddale Dohne-Merino onder my naam geregistreer."

Een van Tweeddale se hoogtepunte was die uitvoer van die heel eerste embryo's na Australië in 1997.

"As gevolg daarvan het ons talle wonderlike boere van regoor die wêreld ontmoet. Ek het die eerste Dohne-Merino-wêreldkongres in 2016 in Australië bygewoon.

"Die Dohne-Merino-telersgenootskap is opgewonde om die derde kongres van sy soort in Oktober volgende jaar in Hermanus in die Wes-Kaap aan te bied. Dit val saam met die 60ste herdenking van die ontstaan van die genootskap en die lede sien uit om

mede-telers van regoor die wêreld te ontmoet. Dit is een van die voordele van stoetelling: 'n Mens ontmoet baie boere plaaslik en nou ook internasionaal."

Die Dohne-Merino is 'n meerdoelige, geharde ras, en kan 'n lam op die veld speen. Speenlammers doen ook goed in die voerkraal. "Een van die redes waarom die Dohne ontwikkel is, was om in 'n gebied met hoër reënval op suurveld te floreer. Om aan te pas het hulle minder wol maar 'n hoër liggaamsmassa. Al het hulle minder wol, is dit steeds van 'n hoë gehalte."

Grootste uitdagings

Biosekerheid en bek-en-kloueer is tans die grootste uitdagings op Tweeddale, veral vir die Andersons se Fenfield Reds-beeskudde. "Die klimaat en droogtes is ook 'n bedreiging, maar ons is al gewoond daaraan om droë tye

te oorleef. Ons oop grasveld is ook baie kwesbaar vir veldbrande en ons het die laaste paar jaar verskeie verwoestende brande beleef."

Beste waarde vir lammers

Hul oorskot hamellammers word in die voerkraal op die plaas vetgemaak. "Ek glo dit voeg waarde tot ons produk by. Ons het al lammers met behulp van 'n agent na die Verenigde Arabiese Emir-



'n Kudde-ooie in die sneeu.

ate uitgevoer en is altyd op die uitkyk vir plaaslike kontrakte, soos die met Woolworths, om die beste waarde vir ons lammers te kry."

Opkomende boere baat by produksieveiling

Richard sê: "Ons jaarlikse produksieveiling vind op die eerste Dinsdag in Maart plaas, waartydens



Buiten die skaapboerdery, is daar ook 'n Fenfield Reds-beeskudde.



Woolworths het 'n kontrak aangegaan met Tweeddale vanweë die hoëgehalte karkasse van die Dohne-Merino-lammers.

ons sowat 70 ramme aan kommersiële boere verkoop.

"Ons verkoop ook oorskot ooie op die veiling. Oorskot ramme en B-graad-ooie word ook aan opkomende boere in die voormalige Transkei en Ciskei verkoop. Die verkoop van die ramme het daartoe gelei dat ek van tyd tot tyd na hulle skeerkrale/skeerskure genooi word om hul ooie in kuddekompetisies te beoordeel.

"Ek dink dit is belangrik om tegnologie te gebruik, om innoverend te wees en presisieboerderypraktyke toe te pas. Ek wil my plaas en die skape in 'n beter toestand nalaat. Ek dink ons slaag daarin omdat ons beste praktyke toepas."

Top tien-wol

"Ons wol word deur BKB se veilingstelsel in Port Elizabeth bemark. Om-

dat ons klimaat gunstig is en ons goeie grasveld het, lewer ons sowat 73% skoon wol van gemiddeld ongeveer 19 mikron. Ons jong skape (tussen een en twee jaar oud) se wol is sowat 16 mikron," sê Richard.



Meting en rekordhouding is noodsaaklik, en dit is Mandy se taak om seker te maak die besonderhede word sorgvuldig aangeteken.

"Ons kry dikwels een of twee lyne wat onder die top 10 by die veiling val. Ons is opgewonde daarvoor dat ons vanjaar 'n topprys van R214,60 per kg gekry het – 'n welkome styging van 27%."

Georganiseerde landbou

"Ek dink dit is belangrik om by georganiseerde landbou betrokke te wees en ek is tans visevoorsitter van ons boerevereniging," vertel Richard. "Ek is baie dankbaar vir mede-boere wat tyd maak om op die verskillende bedryfsorganisasies soos die RPO en die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), Agri OK en Agri SA te dien.

"Ek dien ook op die Dohne-Merino-raad wat vanjaar sy 60ste herdenking vier."

Kontakbesonderhede

Kontak Richard Armstrong by 082-414-1605 of stuur 'n e-pos na armstrong@nokwi.co.za



Omdat die klimaat in die Cathcart-omgewing gunstig is en daar goeie grasveld is, lewer Tweeddale sowat 73% skoon wol van gemiddeld ongeveer 19 mikron.



Dié ramme is gereed vir Maart 2026 se produksieveiling.

ProAgri *gaan digitaal:*

Dieselfde hart in 'n nuwe era

deur Bianca Pretorius

Ná 310 uitgawes van ProAgri Suid-Afrika se gedrukte tydskrifte, lui ProAgri 'n opwindende nuwe hoofstuk in. Van 2026 af sal ProAgri se tydskrifte nie meer gedruk en versprei word nie, maar slegs digitaal – en steeds gratis – aanlyn beskikbaar wees op dieselfde webwerwe wat ons reeds jare lank gebruik. ProAgri SA en ProAgri Afrika sal op hierdie manier voortbestaan met dieselfde vertroude inhoud en steeds met die boer se beste belange op die hart.

Hoekom gaan ons digitaal?

Ons verstaan dat, net soos in landbou, tegnologie in die mediabedryf ook voortdurend groei en ontwikkel. As ProAgri wil ons graag hierdie nuwe digitale era betree en die voordele daarvan benut. Vergete is die dae wat jy wag vir die tydskrif om op die rakke te verskyn. Nou kan jy sommer net jou rekenaar, tablet of slimfoon oopmaak en die nuutste weergawe van ons tydskrif saam met jou oggendkoffie geniet.

Die aanlyn tydskrifte stel ons in staat om 'n veel groter lesersgemeenskap te bereik en die nuus vinniger en wyer te versprei. Waar ons in die verlede hoofsaaklik op Suid-Afrika gefokus het met ProAgri SA en op die res van die kontinent met ProAgri Afrika, kan boere nou met 'n enkele klik op hoogte bly van die nuutste ontwikkelinge in albei streke. Hierdie digitale skuif beteken dat kennis en stories nie meer deur grense of verspreidingskanale beperk word nie.

'n Groener benadering

Die fokus van ProAgri was nog altyd om boere te ondersteun met praktiese en toepaslike inligting, maar ons is ook bewus van die groter verantwoordelikheid teenoor die omgewing. Die skuif na 'n digitale formaat is 'n natuurlike uitbreiding van ons verbintenis tot volhoubaarheid. Minder papier en drukwerk beteken 'n kleiner koolstofvoetspoor en 'n direkte bydrae tot die bewaring van natuurlike hulpbronne.

Net soos boere toenemend omgewingsvriendelike praktieke implementeer – van presisieboerdery tot die gebruik van bio-afbreekbare produkte – wil ons ook ons deel doen. Ons glo dat die digitale tydskrif 'n moderne, verantwoordelike manier is om kennis te deel sonder om die aarde onnodig te belas.

Toegang tot kennis, enige tyd en oral

Die digitale tydskrif beteken dat jy voortaan elke maand, oral en te enige tyd, maklik toegang kry tot jou gunsteling stories. Of jy nou op die plaas, in die stad, of selfs in 'n ander land is, is ProAgri net 'n klik weg.

Ons inhoud bly dieselfde: tegniese advies, landbouerslae, getuigskrifte van boere, vernuwende idees en kundige insigte. Die verskil is dat dit nou vinniger, meer toeganklik en interaktief aangebied word. Ons fokus op video-produksies en digitale bemarking word ook sterker uitgebrei, wat beteken dat jy nie net kan lees nie, maar ook kan kyk, luister en deel.

Hierdie multimedia-aanbieding gee jou die geleentheid om boerdery-praktieke visueel te ervaar – van demonstrasies van nuwe masjinerie tot onderhoude met kundiges en boere wat hul suksesverhale deel.

Die kern bly dieselfde

Die digitale oorskakeling beteken nie dat ons die kern van ProAgri gaan verloor nie. Ons stories het altyd, en sal steeds, die stem van die boer verteenwoordig. Ons doel bly om waardevolle, toepaslike en diepgaande inhoud te lewer wat boere as hulpmiddels op hul plase kan gebruik.

ProAgri is gebou op vertroue en geloofwaardigheid. Ons weet dat boere staatmaak op ons tydskrif om hulle te voorsien van praktiese raad, nuwe idees en inspirasie. Hierdie vertroue is ons grootste bate, en dit sal nie verander nie. Die medium verander, maar die hart bly dieselfde.

'n Gemeenskap wat groei

Ons nooi jou uit om saam met ons hierdie nuwe digitale reis te beleef. Dit is maklik: laai die tydskrif af, kyk na ons video's, deel jou stories en wees deel van 'n groeiende gemeenskap van boere wat leer en inspireer.

Die digitale platform maak dit ook moontlik om vinniger terugvoer te kry

Sedert 1994

Ons inhoud bly dieselfde: tegniese advies, landbouerslae, getuigskrifte van boere, vernuwende idees en kundige insigte.

van ons lesers. Jou stem kan nou makliker gehoor word deur kommentaar, deel van artikels, of selfs deur jou eie stories wat jy met ons kan deel. Ons glo dat hierdie interaktiewe benadering 'n sterker gevoel van gemeenskap en samehörigheid sal skep.

Die beste lê nog voor

ProAgri bestaan voort as dieselfde vertroude bron van kennis, advies en stories, nou net in digitale formaat. Ons glo dat hierdie skuif nie net 'n nuwe era vir ProAgri beteken nie, maar ook 'n nuwe era vir landboukommunikasie in die geheel.

Die digitale toekoms bring geleenthede wat ons nog nie ten volle kan voorsien nie: vinniger verspreiding van nuus, groter interaktiwiteit, en 'n platform wat voortdurend kan groei en aanpas. Wat ons wel weet is dat ons saam met jou, die boer, hierdie pad gaan stap.

Die beste lê inderdaad nog voor.

www.proagri.co.za



Wildboer van die Jaar 2025:

Volhoubare benutting die

slutel tot sukses



deur Tisha Steyn

Chris Burger van Marula Game op Steenbokpan naby Lephalale in Limpopo is in Oktober aangewys as Wildbedryf SA (WRSA) se Wildboer van die Jaar van 2025.

Hy het Tisha Steyn meer vertel van die lewenspad wat hom uiteindelik tot hier gebring het. Chris is getroud met Maryke en hulle het twee kinders, Olivia (7) en Izak (5).

Chris het in Alberton grootgeword en hy het by die Laerskool Jan Celliers en die Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg skoolgegaan. Sy pa het die plaas op Steenbokpan in 1997 gekoop, en ná skool in 2004 is hy plaas toe om met die boerdery te gaan help.

Marula Game het kort daarna ontstaan. "Uit die staanspoor was die doel om meer volhoubaar te boer om onafhanklik te wees," sê Chris. "Die oorspronklike plaas van 1 100 ha was die basis waarop die buffelboerdery gebou is. Intussen is vyf ander plase bekom, wat die totale oppervlak op 10 000 ha te staan bring.

"In 2019 is die 100 ha-besproeiingsgrond op Brits aangekoop, waar lusern verbou word en wildkorrels gemaak word wat ons as aanvulling gebruik om van die wild in die winter te voer."

Klein begin

Die plaas het redelik wild op gehad toe die Burgers dit gekoop het, maar met-

tertyd is nog spesies bygevoeg namate hulle dit kon bekostig. "Ek onthou baie goed toe ons ons eerste nuwe wild gekoop het met my pa se bonus – ons was so opgewonde!

"Maar dit was nie 'n halfuur na hulle afgelaai is nie, toe breek hulle deur die draad en weg is hulle! Ons het probeer om hulle met 'n helikopter terug te jaag, maar dit het net nog geld gekos ..."

Chris se pa het reeds destyds doelgerig met wild begin teel nadat hy besef het dat jag die beste bokke uitdun, wat uiteindelik veroorsaak



Kleurvariasie en genetiese gehalte is kernboublokke van Steenbokpan se wildbedryf.

dat die genetika verswak weens negatiewe seleksie.

Hulle fokus veral op klassieke wild op Steenbokpan, waaronder buffels, koedoes, elande, gemsbokke, bastergemsbokke, swartwitpense, blouwildebeeste, springbokke en rooibokke waarmee hulle intensief en ekstensief boer.

Verskeie kleurvariante kom ook op Steenbokpan voor, soos rooi-gemsbokke, goue gemsbokke, goue wildebeeste, koningwildebeeste, swart-rooibokke, witrooibokke, bont (*dapple*) rooibokke en saalrugrooibokke waarop hulle intensief fokus. Vandag is daar naas die hoofspesies wild ook sowat 15 ander spesies.

Buffelboerdery soos min

Chris en sy pa spesialiseer in buffels, waarmee hulle intensief boer. "Ons het in 2001 ons eerste buffels gekoop, so volgende jaar boer ons al 25 jaar lank daarmee. Ek het grootgeword met buffels en vandag is dit een van my grootste vreugdes om met hulle te kan werk en teel," sê Chris.

"Ons is baie bevoorreg in Suid-Afrika om met wild te kan boer, want waar anders in die wêreld kan jy met 'n buffel boer?"

Toe hulle destyds met buffels begin boer het, "was 'n buffel net 'n buffel, goeie genetika was nog nie 'n prioriteit

nie, ons enigste doelwit was om hulle aan die lewe en skoon te hou”.

In 'n stadium het hulle begin besef dat die mark aan die verander is en beweeg na genetika en horinglengte. “Ons het ons diere verkoop en van voor af begin met die beste genetika wat ons in die hande kon kry – en dit is die grondslag waarop ons steeds vandag voortbou.”

Chris het ses buffeltroppe met talle teelbulle wat spog met horings van 50”+. Onder hulle is Tshokwane, Komati, Levubu, Numbi en Letaba, wat die Burgers by Hein Muller gekoop het sowel as Rex wat Chris geteel het.

“Ek is opgewonde oor die toekoms van die buffels: Ek het vanjaar buffel-verse verkoop wat onder vier jaar reeds oor die 35” meet en dragtig gesertifiseer is. Ons het ook diere vir volgende jaar se veilings geïdentifiseer wat reeds op 'n jong ouderdom die 36”-merk verbysteek. Die doelwit is om 50 bulle per jaar jaggereed te hê.”



Die meet van horinglengte is 'n belangrike deel van hul seleksieproses vir topgenetika.

Chris meen dit is nie finansiële lewensvatbaar om groot herbivore soos buffels te voer nie. “Net die Here kan buffels voer ... Ons strategie is om meer weiding te bekom soos wat die troppe groei. Volhoubare weidingsbestuur is die hoeksteen van 'n wildboerdery.” Wins uit die buffelverkope word gebruik om die grond uit te brei vir nog buffelkoeie.

Rooibokke te kies en k(l)eur

Toe hulle intensief met groot rooibokke begin teel, moes hulle baie teë-spoed trotseer. “Verskeie groot ramme het gevrek en meer as 70 ooie is deur wildehonde gevang – dit is genoeg om enige boer se moed te breek.” Tog het hulle deurgedruk en mettertyd die afdeling uitgebrei met swart-, saalrug-, wit- en bont rooibokke.


Koedoe-skade

Ongelukkig het Chris ook skade met sy groot koedoes gehad.. “Een Sondagoggend toe ek en my vrou deur die kampe ry, kry ons twee teelbulle dood

teen die draad – 'n jong bul het 'n ou bul doodgesteek en toe raak die jonge verstrengel in die elektriese heining en skok homself dood. Hulle (horings) hang nou albei langs mekaar in ons lapa ...”

Gemsbokke ... onder meer

Gemsbokke vaar baie goed op Steenbokpan – waarskynlik vanweë die feit dat die Burgers al dekades lank topgenetika uitsoek – en van die beste genetika aankoop om hul gemsbokteelprojek te verbeter. “Vandag het ons naas gewone gemsbokke ook goue en rooigemsbokke – en dit is een van ons gunsteling spesies op die plaas,” sê Chris. “Ons is ook baie trots op die toekoms van die swartwitpense en bastergemsbokke op die plaas.”



'n Stil herinnering aan 'n hartseer Sondagoggend.

Wildebeeste van formaat

Buiten gewone wildebeeste kom goue en koningwildebeeste ook op Steenbokpan voor. Onder die gewone wildebeeste staan Beyers uit, 'n Victor-seun van Bona Bona met 'n horinglengte wat net 'n raps minder as 33” meet, en wat by koeie van 22”+ loop. Die Burgers se koningwildebeeste sluit 'n bul van Kruger van Zyl met 'n horinglengte van 29,5” in.

“Ook het ons goue wildebeeste, onder meer 'n Enkulu-seun van Bona Bona wat ook net kort van 33” meet, hy loop by goue wildebeeskoeie van 22”+. Die koeie kom van die York-familie wat bekend is vir hulle goue wildebeeste.”



Uitmuntende en uitsonderlike horinglengtes: van 'n 29.5” koningbul tot byna 33” goue lyne.

Volhoubare jag

Drieduisend van die totale 10 000 ha op Steenbokpan word benut vir jag. “'n Volhoubare jagonderneming moet diere van hoë gehalte aan kliënte lewer, die dat ons intensief op een van die plase begin wild teel het.

Die kalwers word gespeen en uitgegroeï en die bestes word gebruik om teeldiere te vervang of op 'n veiling aan mede-wildboere verkoop – en die res gaan na ons eie jagplase toe.”

Die Burgers het die afgelope 15 jaar op uitsonderlike genetika gefokus en wild by van die top telers in die land gekoop. Chris is oortuig daarvan dat telers mekaar onomwonde moet ondersteun.

Elke spesie is belangrik

Chris meen elke spesie het 'n plek in die wildbedryf. “Daar sal altyd 'n aanvraag wees. Mense regoor die wêreld is bereid om geld te betaal om bokke te jag; solank as wat daar 'n eindverbruiker is, sal die bokke se waardes hou en sal dit die moeite werd wees om met hulle te boer.”

Eksklusiewe ervaring

Op Steenbokpan fokus die Burgers op die buitelandse mark en verkies hulle om Amerikaanse jagters te verwelkom. “Hulle waardes stem ooreen met ons s'n en ons kan hulle beter verstaan as byvoorbeeld Spaanse jagters.”

Chris meen die wild- en toerismebedryf skep geleenthede in landelike gebiede waar die opleiding- en vaardigheidsvlakke laag en die werkloosheidsyfer hoog is.

“Dit is 'n bron van buitelandse inkomste vir die land en ons meen die natuur en toerisme kan nooit deur kunsmatige intelligensie of tegnologie vervang word nie.”

'n Spanpoging

Maar wat beteken hierdie toekenning vir hom? “Toe ek hoor wie die beoordeelaars is en besef die beste telers gaan my boerdery kom evalueer, was ek vreesbevange. Maar toe besef ek hulle gaan my nie vergelyk nie, net beoordeel op wat ek self doen.

“As mens geëer word vir wat jy elke dag doen en nie omdat dit jou werk is nie, maar jou lewe en die harde werk van ligdag tot donkernag doen wat niemand sien nie, maak dit dit net nog meer anders.”

Maar dit is 'n spanpoging en niks sal moontlik wees sonder my vrou, kinders, ouers en span nie.”

'God gee vir ons reën'

“Wildboerdery rehabiliteer die grond, wat inpas by ons beleid om die veld en wild volhoubaar te benut. God gee vir ons reën en die gras groei.

As jy dit volhoubaar benut en herbenut, kan die siklus volhoubaar voortgesit word,” sê Chris.

Beesboer van die Jaar 2025

leef Bovelder-beleid uit



deur Tisha Steyn

Paul van Niekerk is onlangs aangewys as Voermol se Beesboer van die Jaar vir 2025.

Paul is die vyfde geslag wat op die plaas Boshoeck in die Memel distrik van die Noordoos-Vrystaat saam met sy vrou Liana, skoonseun Charl Theron en dogter Liana jr boer. Die familie boer onder die naam Anhali boerdery BK.

Die boerdery bestaan uit 5660 hektaar grond, wat alles aan mekaar lê. 93% van die grond is natuurlike weiding terwyl die res uit landerye met mielies, sojabone en saadaartappels, asook 'n klein bietjie aangeplante weidings bestaan. Die grootste deel van die boerdery is die beesvertakking en hier is ook 'n Suffolk stoet.

Anhali boerdery is by uitstek 'n familie boerdery. Liana hanteer die boeke en administrasie, Charl die saaiboerdery asook die Suffolk-stoet, terwyl Liana Jnr haar Pa help met die beeste, al die verwerking en insameling van die syfers, en die bemaking van ons beeste.

Toe Voermol Paul van Niekerk in 2025 as sy Beesboer van die Jaar bekroon, het dit nie net 'n individu vereer nie, maar die vrug van byna 'n halfeeu se toegewyde teling, bestuur en navorsingsgedrewe beginsels binne die Bovelder Studiegroep.

Boshoeck Bovelders se ontstaan kom vanaf 1953 toe Connie van Niekerk Afrikaner koeie begin kruis het met Suid Devon en Sussex bulle tot in 1974.

Kruisteling het ingewikkeld geraak. Kundige hulp is verkry vanaf Dr At Viljoen en Dr Herman Venter, 2 welbekende veekundiges om 'n strategie vir Boshoeck se kudde te formuleer ten opsigte van bestuur teling en seleksie.

Bovelder

Die doelwitte daardie tyd was om 'n funksionele doeltreffende bees te teel. Die Indicus Taurus verhouding is reggestel. Aanvullende parings is gedoen met Bovelder bulle. Enige ras wat 'n bydrae tot die opgradering kon maak is gebruik om 'n genepoel te vorm wat kan lei tot verhoogte produktiwiteit.

In 1986 is die Hoëveld Bees Studiegroep gestig en Boshoeck Bovelders is bevoorreg om een van die stigterslede te wees en tot vandag toe lid te wees van die unieke groep telers. Connie en seuns was bevoorreg om vir 18 jaar saam te boer en 'n bees te teel wat op wetenskaplike beginsels gegrond is. Vanaf 2005 is die bovelder kudde onder die bekwame leiding van Dr At Viljoen en die eienaars van Anhali Boerdery.

Boshoeck Bovelders bly glo in die Bovelder Composite filosofie. Hierdie vertrou wat ons in die Bovelder het word bevestig deur die feit dat daar oor groot dele van ons land geboer word met die Bovelders, 'n aangepaste en funksionele dier.

Doelgerigte teling word toegepas om op spesifieke doelwitte te fokus nl:

- Vrugbaarheid
- Produktiwiteit
- Funksionaliteit
- Aanpasbaarheid
- Aanskoulikheid

Boshoeck Bovelders voel sterk deur gebruik te maak van 'n paar basiese beginsels wat teling, seleksie, bestuur en bemaking insluit in jou beeskudde, kan jy waarde toevoeg wat kan verseker dat dit nog volhoubaar is om met beeste te boer.

Die Hoëveld Bees Studiegroep, is in 1986 verander na 'n maatskappy wat toe verder bekend gestaan het as die Bovelder Bees Studiegroep. Die Studiegroep bestaan uit 70 boere wat hoofsaaklik in die Oos Vrystaat die Hoëveld van Mpumalanga gesetel is. Enkele lede is ook in Limpopo, Noord Wes.



Funksioneel doeltreffende Bovelder-koeie met kalwers. Die teelseisoen vir koeie duur van begin September tot einde Desember. (Bron: Verskaf)

Wes Kaap, Natal en die res van die Vrystaat.

Die hedendaagse Bovelder is 'n rooi bees wat afhangend van die deel waarin geboer word bestaan uit 60% Taurus bloed en 40% Indicus bloed soos in Boshoeck Bovelders se geval.

Die doel was om 'n funksionele "composite" te ontwikkel met:

- optimale heterose,
- hoë vrugbaarheid,
- uitstekende veldaanpasbaarheid,
- goeie vleisbou,
- en 'n mediumraam, maklik hanterbare, eenvormige rooi, aanskoulike dier wat ideaal aangepas is by die klimaat van die Noordoos-Vrystaat.

Om te meet is om te weet

Paul se suksesse is direk gekoppel aan die beginsel van meting, seleksie en funksionele doeltreffendheid.



Dragtige verse. Die teelseisoen vir verse duur van begin Augustus tot einde Desember. (Bron: Verskaf)

Kuddes word voortdurend geklas om

- die beste teeldiere te identifiseer en in drie verskillende groepe te klas nl A+ koeie, A- koeie en B koeie.
- Die korrekte parings daarvoor te bepaal en die regte bulle by die regte groepe te sit.
- funksioneel swak diere uit te skot,
- Indicus/Taurus verhoudings reg te maak indien nodig.
- Ekonomiese eienskappe te verbeter.

Prakties beteken dit dat verse en koeie sistematies op grond van vrugbaarheid en produktiwiteit, en deur te kyk na Prestasie data en vaderskap wat bepaal is met DNS, die koeie en verse individueel gepaar word om so te probeer die geskikte kalf te teel. Koeie met swakker TKP's en te laat vir ons kudde kalf word uitgeskot.

Hulle drie-jaar gemiddelde TKP is 374 dae, die besettingsyfer is 97% en die speensyfer is 94%.

Met speen weeg koeie gemiddeld 527 kg en die kalwers 252 kg wat beteken die koeie speen 48% gemiddeld van hulle eie massa.

Die Bovelder is 'n funksionele ras wat elke jaar 'n swaar, rooi kalf gee waarvoor al die syfers en nageslag



Die bul PVN22-189 is vir R525 000 aan John Faber en Walter Pretorius verkoop. (Bron: Verskaf)

bestaan en wat goed by die omgewing aangepas is.

Alle bulle se DNS word getoets; vervangingsverse se DNS word ook die afgelope vier jaar getoets.

Die teelseisoen vir verse duur van begin Augustus tot einde Desember, en vir koeie vanaf begin September tot einde Desember.

Slegs verse wat in die eerste drie maande dragtig is, word behou; die res word op 'n produksieveiling verkoop. Koeie wat in die laaste 45 dae van die tydperk kalf, word ook verkoop.

Drie veilings word per jaar gehou: 2 Bulveilings in Augustus, die eerste veiling is op Boshoeck en die tweede veiling is in Vryburg. 'n Vroulikedier veiling word in Februarie gehou op die plaas Eksteen van Jaco Maritz. Daar word die afgelope 9 jaar saam veiling gehou met Maritz Bovelders ook van Memel. Daar word elke jaar drie tot vyf bulle by mede-telers gekoop. Semen van beproefde bulle word deur kunsmatige inseminasie bekom en Paul-hulle teel self ook bulle.

Siektebeheer deur teelbeleid

Dr Danie Odendaal, Direkteur van Veearts Netwerk, beklemtoon in sy ontleding dat die Bovelder Studiegroep se streng teelbeleid een van die belangrikste redes is waarom hulle bo die res uitstaan.

Sleutelpunte van die beleid berus op:

- Een beperkte dekseisoen per jaar
- Uitskot van alle nie-produktiewe vroulike diere
- Klas van koeie slegs indien daar 'n lewendige speenkalf teenwoordig is
- Veld- en prestasietoetsing van jong bulle
- Streng beheer en toetsing vir Trichomoniasis, Bovine Virale Diarree (BVD), Vibriose, Brusellose en TB
- Geskeduleerde entings en bestuur onder toesig van die veearts

Voorts verseker baie streng biosekereidmaatreëls dat die vee sover moontlik nie aan oordraagbare siektes soos bek-en-klouseer, wat tans in die land die rooivleisbedryf op sy knée het blootgestel word nie.

Wat het Boshoeck Bovelders se lidmaatskap by die Bovelder Bees Studiegroep vir hulle beteken?

- Boer met 'n bees wat aangepas is

in die strawwe suurveld toestand van die Oos Vrystaat

- Vrugbaarheid op 'n hoë standaard die afgelope 20 jaar. Meer as 95% kalfpersentasie.
- Speen swaar speenkalwers die afgelope klompie jare bo 250 kg, voerkrale betaal 'n premie vir ons kalwers.
- Koeie kalf elke jaar, uitskot baie laag.
- Doen gereeld kuddeklas.
- Paring van verse en koeie word individueel gedoen met die regte bulle dmv KI en dan opvolg met eie bulle.
- KI eerste rondte meer as 90% van koeie om die beste beproefde bulle te kan gebruik.
- Opvolg bulle almal A bulle wat weer op veilings verkoop word.
- Suksesvolle veilings word jaarliks gehou in samewerking met Maritz Bovelders.
- Maak gebruik van DNA om vaderskap te bepaal op bulle en vroulike diere.
- Goeie finansiële rekords van beesvertakking word gehou om jaar vir jaar te vergelyk.
- Maak gebruik van BKB se DSS ontledings program wat hul kudde nog verder ekonomies ontleed.
- Nasionale Beesboer van die jaar 2005 en 2025.

Beesboer van die Jaar

Dit is dus glad nie 'n verrassing dat Paul die 2025 Voermol Beesboer van die Jaar is nie. Die titel erken nie net sy bestuursvernuf nie, maar ook sy rol as voorbeeld van 'n volhoubare, wetenskaplike beesboerdery.

Paul beliggaam alles waarvoor die Bovelder Studiegroep staan:

- streng seleksie,
- streng kuddebestuur,
- hoë vrugbaarheid,
- koste-effektiewe produksie,
- uitstekende veldbenutting,
- en 'n kudde wat deurentyd presteer sonder ingewikkelde bestuur.

Paul se bydrae tot die ras

- Stabilisering van die moderne Bovelder-tipe
- Jarelange leierskap
- Genetiese beginsels kan winsgewendheid verhoog
- Deurlopende betrokkenheid by studiegroepontwikkeling

Paul se toekenning as Voermol se Beesboer van die Jaar 2025 is die kulminasie van 40 jaar se toegewyde teling binne 'n groep wat hulself baseer op die beginsels van die Bovelder Composite, versterk deur moderne genetica, en gedryf deur 'n passie vir funksionele, ekonomiese beesproduksie.

Anhali Boerdery se verhaal, hulle passie, hulle afhanklikheid van Bo en hulle betrokkenheid by die Bovelder Bees Studiegroep, dien vandag as 'n bloudruk vir doeltreffende, winsgewende en siektebestande vleisbeesboerdery in Suidelike Afrika.

Vriend of vyand?

Ystervark, bosvark, ratel ...



Tisha Steyn

Elke plant en dier het 'n unieke plek in die legkaart van die lewe op aarde, 'n unieke rol wat net daardie plant of dier kan vervul. Vat dit weg en dan laat dit 'n leemte.

Dit geld ook wilde diere wat natuurlik op 'n plaas voorkom: Of dit nou 'n luiperd, rooikat of rooijakkals is, soos ons in die vorige drie dele van die reeks oor Vriend of Vyand gesien het.

Daar is ook ander diere wat 'n boer se lewe kan verpes, soos ystervarke wat jou waterpype stukkend knaag, bosvarke wat al wat 'n knol- en bolplant verwoes, of 'n ratel wat net nie kan verbyhou by jou byekorf nie.

Ystervarke

Ystervarke pas aan by enige habitat wat skuiling en genoeg geskikte plante bied. Hierdie herbivore vreet hoofsaaklik wortels, knolle en bas eerder as blare of gras, maar hulle sal nie hul neus optrek vir 'n sappige waatlemoen nie.

Boere kan kwaad raak as ystervarke hul oeste of besproeiingstelsels opdon. Hul snytande hou nooit op groei nie en hulle moet gereeld iets kou om hul tande af te slyt – seker dié dat hulle lekker en gedurig aan jou PVC-waterpype knaag ...

Hulle is ook formidabele grouers en grawe tunnels en slote in hul soektog na wortels, bolle en knolle om te vreet. Sodoende kan hulle plaaspaaië ondermyn wat 'n voertuig se as kan breek. Ystervarke is 'n lekker vleiskossie en word soms in

draadstrikke gevang.

Buiten die stukkende waterpype, die bolle en knolle wat hulle opvreet en die bas wat hulle van boomstamme afstroop, is hul spore, mis en penne (wat hulle agterlaat) duidelike tekens van hul nagtelike besoeke.

In die proses van kos soek versprei hulle bolle en saad wat die plante help voortplant, en hul voedselreste voorsien ook ander spesies van kos.

Die beste maatreël is voorkoming – beskerm jou bolle en knolle met 'n heining. 'n Gewone draadheining moet minstens 300 mm diep onder die grond wees sodat die formidabele graver nie onderdeur kan tunnel nie. Hou die

heining in stand deur dit daaglik te inspekteer en gate te herstel.

Voorkom skade aan PVC-pype deur dit ondergronds te begrawe en met klippe toe te pak. Alternatiewelik kan dit bokant die grond op byvoorbeeld heiningpale geïnstalleer word waar ystervark se kind dit nie kan bykom nie.

Ystervarke paar vir 'n leeftyd en leef in klein familie-groepe. Hulle kan tot 16 km ver loop om kos te soek en hulle is sterk swemmers. Dit is 'n mite dat hulle die penne 'uitskiet', maar mense wat die penne bymekaarmaak om as aandenkings te verkoop, is 'n groeiende bedreiging vir die grootste knaagdier in Afrika.



Dit is 'n mite dat ystervarke hul penne 'uitskiet', maar mense wat die penne bymekaarmaak om as aandenkings te verkoop, is 'n groeiende bedreiging vir die grootste knaagdier in Afrika. (Bron: Pixabay)



Hoewel bosvarke nie regtig roofdiere is nie, is gevalle bekend waar hulle lammers en volstruiskuikeis vang en opvreet. (Bron: Cape Leopard Trust <https://capeleopard.org.za/news-media/news/story/camera-trapping-in-the-little-karoo-striped-horses-leopard-tortoises-and-spotted-cats/>)

Bosvarke

'n Mens kry vlakvarke met hul weglê-tande en bakkebaard, erdvarke met hul skerp snoet, en dan kry 'n mens bosvarke. Hulle kom veral voor in bosryke habitatte waar genoeg water en ruie plantegroei is. Hulle is omnivore wat vleis, aas en plante vreet.

Tekens van hul teenwoordigheid is landerye wat opgedolwe word asook skade aan heinings, want net soos ystervarke en ratels is hulle ook formidabele grawers. Hulle is nie regtig roofdiere nie, maar gevalle is bekend waar hulle lammers en volstruiskuikeis vang en opvreet.

Bosvarke is hoofsaaklik nagdiere. Hulle leef in gesinsgroepe bestaande uit 'n dominante sog, verskeie ander vroulike sôe en hul kleintjies. Die bere is alleenlopers wat soms klein beergroepe vorm wat die sogtrope slegs besoek om te paar. Hulle kan aggressief raak as daar kleintjies by die trop is.

Die varke belug die grond deur dit om te woel op soek na knolle en ander plantmateriaal en diere om te vreet. Hul voedingsgedrag stel ook kos beskikbaar vir ander diere, en hulle help darem ook om saad te versprei.

Soos met ystervarke is voorsorg beter as nasorg. 'n Behoorlike heining sal die vark se spoed 'n bietjie breek. Om te voorkom dat hulle oeste verwoes, kan 'n elektriese heining, flitsende ligte, 'n radio wat aan-mekaar gesels en reukafskrikmiddels ingespan word.

Afval moet verantwoordelik bestuur word, anders grou hulle dit uit, en vullishouers moet wilbestand wees. Moenie vir hulle 'n voerplek maak nie, jy pluk vir jou 'n lat.

Ratels

Ratels kan ook groot skade aanrig. Hulle kom in 'n wye verskeidenheid habitatte voor buiten ware woestyngebiede en laagland-reënwoorde.

Hulle vreet 'n groot verskeidenheid kos: van knaagdiere, klein voëltjies, reptiele, skerpioene, spinnekoppe, duisendpote en ander ongewerweld diere in. Hulle vreet ook plantwortels,

bolle, bessies en vrugte en hul manier van grawe stel ook kos vir ander dierespesies beskikbaar.

Ratels het 'n voorliefde vir byelarwes, en in sekere gebiede in die Wes-Kaap val hulle ook lewende hawe aan. Hul wetenskaplike naam is nie verniet *Mellivora capensis* nie, wat heuningvreter beteken.

Buiten pluimvee en lammers, val hulle ook volwasse skape aan. Hulle gebruik hul lang kloue om die diere vas te hou en te begin vreet aan die gesig of skouer terwyl die diere nog lewendig is – en só verinnuweer hulle die diere wat gewoonlik van kant gemaak moet word.

'n Definitiewe teken van die sterke ratel se teenwoordigheid is beskadigde byekorwe. Die probleem kan opgelos word deur byekorwe in 'n staa-raamwerk op stewige staanders van minstens 900 mm hoog te plaas sodat die ratel dit nie kan bykom nie.

Stewige heinings en flitsende ligte wat deur beweging geaktiveer word, kan ratels snags van kleinvee en hoenderhokke weghou.

Ratels is meestal alleenlopers, maar 'n ma en haar kleintjies kan tot 18 maande lank saam wees.

Mannetjies weeg gemiddeld tussen 9 en 14 kg, terwyl die wyfies tussen 5 en 10 g weeg. Die mannetjies het 'n groot loopgebied; hulle is dikwels die slagoffers van slagysters of gif wat vir roofdiere uitgesit word.

Ondersteun die Badger Friendly Initiative deur slegs heuning van ratel-vriendelike bronne te koop.



Buiten pluimvee en lammers, val ratels ook volwasse skape aan. (Bron: Cape Leopard Trust <https://capeleopard.org.za/news-media/news/story/camera-trapping-in-the-little-karoo-striped-horses-leopard-tortoises-and-spotted-cats/>)

Handleiding

Cape Nature en die Cape Leopard Trust het onlangs 'n handleiding die lig laat sien wat Wes-Kaapse boere kan help om die uitdagings die hoof te bied. Die handleiding verduidelik in Afrikaans en Engels hoe wilde diere wat as 'n probleem beskou word, op 'n nie-dodelike, proaktiewe manier bestuur kan word deur konflik te verminder of te vermy, en hoe om te identifiseer watter roofdier verantwoordelik was vir 'n vangs, maar ook watter waardevolle rol elke diere in die ekologie speel.

Laai die Gids vir Grondeienaars hier af: www.capenature.co.za/uploads/files/Landowners-Guide-Human-Wildlife-Conflict-Afrikaans.pdf

Kameelperde kry broodnodige lewensaar

deur Tisha Steyn



Die Amanzi-wildreservaat buite Brandfort gee kameelperde nog 'n kans op oorlewing. Hoewel kameelperde ikoniese status in Afrika verwerf het, en endemies aan die vasteland is, word hulle al meer bedreig deur habitatverlies weens die mens se bedrywighede.

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) se nuwe navorsingsprogram oor kameelperde, gesetel in die Amanzi-wildreservaat en wat as die kameelperdnavorsingsentrum (GRC) buite Brandfort bekend staan, het pas afgeskop.

Die fasiliteite op Amanzi is die eerste in die wêreld en die doel daarvan is om internasionale kenners die geleentheid te gee om saam te werk om die kameelperd as 'n spesie te help voortbestaan.

'n Dekade van wetenskaplike deurbrake

Die nuwe en moderne geriewe op Amanzi is vir prof. Francois Deacon, verbonde aan die UV se departement vee-, wild- en weidingkunde, wat al saam met sy span 'n dekade lank

navorsing oor die kameelperd se gedrag, fisiologie en ekologie doen.

Die GRC bring kennis en tegnologie onder een dak bymekaar waar moderne laboratoriums, ruim habitate en 'n veilige, stresvrye omgewing die navorsers toelaat om kameelperde onder natuurlike omstandighede te bestudeer.

"Hierdie sentrum gee ons die vermoë om navorsing op die hoogste vlak te doen, maar met die diere se welsyn altyd as eerste prioriteit," verduidelik prof. Deacon. "Ons werk hand aan hand met veeartse, studente en wetenskaplikes om nie net nuwe kennis te skep nie, maar ook om praktiese oplossings te vind vir die bewaring van hierdie ikoniese diere."

Oor die afgelope sewe jaar het prof. Deacon se span meer as 250 suksesvolle vang- en verdowningsoperasies uitgevoer – elkeen met uiterste sorg en presisie – om die vaardigheid op te bou wat nodig is vir die volgende mylpaal: die eerste embryo-oorplanting in wilde kameelperde.

"Die wêreld se eerste kameelperd-embryo sal hier by Amanzi in 'n veilige

Die kameelperdnavorsingsprogram en infrastruktuur by die Amanzi-wildreservaat lui 'n nuwe fase van die UV se navorsing oor hierdie ikoniese diere in.

en beheerde omgewing ontwikkel word. Wat ons vandag doen, mag nie môre sigbaar wees nie, maar oor twintig jaar sal hierdie navorsing van kardinale belang wees om 'n biobank van lewensvatbare embryo's en kalwers te vestig – 'n reserwe vir die spesie se oorlewing."

Tegnologie, samewerking en wetenskaplike passie

Die projek is die resultaat van samewerking tussen sowat 12 afdelings van die UV, van dierkunde en entomologie tot chemie en selfs inligtingstegnologie, wat gevorderde sagteware, 3D-modelle en moniteringstelsels ontwikkel.

Hierdie spanpoging strek ook wêreldwyd. Vennootskappe met organisasies soos Save the Giraffes, Absolute Genetics, Ramsem (wat spesialiseer in reproduksie insameling en berg van lewendehawe-semen) en die Kroonstad-dierehospitaal help om die UV as 'n leidende sentrum vir grootsoogdiernavorsing in Afrika te vestig.

Kameelperde se voortbestaan bedreig

Volgens die Wêreldbewaringsunie (IUBN), wat kameelperde as kwesbaar verklaar het, het die diere se getalle die afgelope drie dekades met meer as 40% afgeneem. Minder as 100 000 kameelperde oorleef vandag in die natuur.

"Ons het die kundigheid en tegnologie om 'n verskil te maak," sê prof. Deacon. "Dit is nou tyd om dit te gebruik vir die kameelperd se toekoms en vir ons nageslag."

'n Droom van 16 jaar

Toe die son oor die Vrystaatse vlaktes sak gedurende die amptelike opening van die GSR op 29 Oktober 2025, het kameelperde rustig oor Amanzi beweeg – die perfekte agtergrond vir 'n gebeurtenis wat hoop simboliseer.

Vir prof. Deacon was dit die vervulling van 'n lang gekoesterde droom. "My reis het 16 jaar gelede in ons nasionale parke begin," vertel hy. "Tydens my doktorsale studies het ek besef hoe min ons eintlik van kameelperde weet. Daardie nuuskierigheid het my na 28 lande geneem – en soveel deure oopgemaak."

Tot dusver het hy 75 honneurs-studente, 15 meesterskandidate en vyf doktorsale studente begelei, terwyl hy met 17 universiteite wêreldwyd saamgewerk het.

Wetenskap en sorg gaan hand aan hand

Die GSR is ontwerp om gevorderde studies oor kameelperd-anatomie, -genetika, -voortplanting en -fisiologie moontlik te maak. "Ons kan nou met kameelperde werk soos met beeste – met kunsmatige inseminasie, embrio-oorplanting en daaglikse monitering van hul hormone en hitte-siklusse," sê prof. Deacon.

Volgens dr. Collin Albertyn, 'n veeartsenykundige voortplantingspesialis en direkteur van Absolute Genetics, 'n sentrum wat fokus op die reproduksie van beeste, maak die nuwe benadering 'n groot verskil. "Die groot voordeel is dat die diere nie meer gevang hoef te word in stresvolle situasies nie. Ons kan nou prosedures uitvoer terwyl hulle staan – sonder trauma, sonder angs. Dis 'n ongelooflike stap vorentoe," sê hy.

Tydsberekening is van die uiterste belang. "Kameelperde verdwyn stadig

maar seker. Twintig jaar gelede het hulle in 22 lande voorgekom. Vandag is dit minder as 15 lande. Dit is 'n ernstige waarskuwing," sê prof. Deacon.

"Ons droom is eenvoudig: die geboorte van 'n kameelperdkalfie – die eerste wat deur moderne reproduksietegnologie in Suid-Afrika ontstaan het. Dit sal die hoogtepunt wees van jare se werk, sowel as 'n simbool van hoop."

Kameelperdbewaring oor wêreld heen

Die projek sou nie moontlik wees sonder die internasionale organisasie Save the Giraffes se finansiële hulp nie, wat die vestiging van die sentrum moontlik gemaak het.

"Ons het hier 'n familie gevind wat dieselfde passie deel, naamlik om kameelperde te red," sê Jason Pootoolal, vise-president van Save the Giraffes, 'n organisasie sonder winsbejag wat in die VSA gebaseer is. "By Amanzi het ons nie net 'n fasiliteit gebou nie; ons het 'n tuiste geskep vir wetenskaplikes van regoor die wêreld om saam te werk aan die toekoms van hierdie diere."

Tiffany Soechting, uitvoerende direkteur van die organisasie, voeg by: "Ons voel geëerd om deel te wees van die geskiedkundige gebeurtenis. Hierdie sentrum gaan mylpale bereik wat wêreldwyd hoop sal bring."

Catherine Land, president van Save the Giraffes, dink terug aan die oorsprong van hierdie bewaringspoging: "Ons reis het begin toe skaars tweeling-kameelperde in Texas gebore is. Meer as tien jaar later werk ons nou saam met ons Suid-Afrikaanse vriende om die spesie se toekoms te verseker."

Save the Giraffes het reeds gehelp met belangrike navorsingsmylpale – van die bewaring van wilde

kameelperd-saad en die rypwording van vroulike eierselle tot die skep van die eerste kunsmatig bevrugte embrio.

Nalatenskap

Verskeie fakulteitsleiers aan die UV beskou die totstandkoming van die GSR as 'n waterskeidingsoomblik. Prof. Paul Oberholster, dekaan van die fakulteit natuur- en landbouwetenskappe, sê: "Hierdie sentrum is meer as net gebou. Dit simboliseer die UV se toewyding aan volhoubaarheid, wetenskap en diens aan die samelewing."

Van studies wat van hommel-tuie gebruik maak en termiese beeldtegnologie tot anatomiese navorsing en voortplantingseksperimente, het elke aspek van die Amanzi-program een doel voor oë, naamlik om kameelperde vir toekomstige geslagte te bewaar.

"By Amanzi het kameelperde nie net 'n veilige tuiste nie – hulle het 'n toekoms," sê prof. Deacon. "En danksy die UV, ons studente, ons vennote, en almal wat glo in hierdie missie, is daardie toekoms helderder as ooit tevore."

Bronverwysing

Brits, M. (2025) *Hope for the tallest land mammal rises at the Giraffe Research Facility*. University of the Free State.

https://www.ufs.ac.za/templates/news-archive-item/campus-news/2025/october/hope-for-the-tallest-land-mammal-rises-at-the-giraffe-research-facility?fbclid=IwY2xjawNz4ItleHRuA2FlbQIXMABicmlkETfzSmVEbdzoeKZmRXc0b0hZAR53SbrKMIlg40HN8U7dz8tPrjadKjyF_aLnHEQck-2QbJmx5HINYI4mQLcTgNA_aem_myoc8WpSKelUrxgtrCaTAW



Prof. Paul Oberholster, dekaan van die fakulteit natuur- en landbouwetenskap aan die UV, knip die lint tydens die opening van die nuwe kameelperdnavorsingsentrum.



Prof. Francois Deacon van die UV se departement vee-, wild- en weidingkunde aan die woord gedurende die opening van die Amanzi- kameelperdnavorsingsentrum.

A lot can change in 6 years our warranty promise won't



6 years of change and our warranty protects your investment

A lot can change in 6 years. Our 6-year drivetrain warranty promise protects your investment against the test of time. Built to keep your business moving, supporting uptime, growth and daily operations, all the way. Ts and Cs apply.



HINO ALL THE WAY

2025: Landbouhoogtepunte

deur ProAgri-redaksie

2025 het vir Suid-Afrikaanse landbou 'n jaar van uitdagings en geleenthede gebring. Van droogtetye, siekte-uitbrekings en stygende inset-koste tot baanbrekende innovasies en rekordprestasies op veilings, het hierdie jaar gewys hoe veerkragtig en aanpasbaar die landboubedryf is.

Terselfdertyd bied die toekoms nuwe moontlikhede en positiewe tekens van groei. Ons neem jou graag saam deur 'n paar van die jaar se hoogtepunte, in 'n neutedop, wat hierdie dinamiese en inspirerende jaar vir die landboubedryf gemerk het.

Februarie



Balfour Hooïdag 2025 bars uit sy nate!

Ons het die landboukalender afgeskop met die Balfour Hooïdag, wat vanjaar uit sy nate gebars het met 'n rekord-getal besoekers en die meeste uitstallers nog. Sowat 1 300 besoekers het die dag bygewoon vergeleke met slegs 35 mense by die eerste Hooïdag 13 jaar gelede. Vier-en-sestig uitstallers en 10 verskillende fabrikate het hooitoerusting gedemonstreer, alles van harke tot balers, snyers, balers en ander hooitoerusting.

Die Balfour Hooïdag het nie net die nuwe seisoen afgeskop nie, maar het ook 'n vernuwende belangstelling in hooitoerusting- en produksie getoon.



Balfour Hooïdag 2025 bars uit sy nate!

Ermelo-Oos hou eerste suksesvolle Hooïdag

Nie net het die jaarlikse Balfour Hooïdag talle boere gelok nie, Hooïdag Ermelo-Oos Boerevereniging het die inisiatief geneem om 'n hooïdag in hulle omgewing ook te begin, en die eerste geleentheid was beslis die begin van vele meer wat wag! Met meer as 150 boere en belanghebbendes wat deur die hekke gestroom het, het die dag alle verwagtinge oortref en 'n sterk fondament gelê vir 'n blink toekoms.



Trotse lede van die Ermelo-Oos Boerevereniging na afloop van 'n suksesvolle eerste Ermelo Hooïdag.

Kalahari Red-ram maak skoonskip

Die veiling van die South African Kalahari Red Club, wat op 22 Februarie 2025 te Fire & Wine-arena Pretoria gehou is, het uitstekende pryse opgelewer, insluitend 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord.

'n Kalahari Red-ram van Tolly Jordaan en Seuns is vir 'n uitsonderlike bedrag van R280 000 verkoop aan Buffelspruit Kalahari Reds. Die vorige rekordprys was R270 000 tydens 'n veiling wat verlede jaar deur die SA Kalahari Red Club in Pretoria aangebied is.



Kverneland se 9542-kraghark wys hoe die gras flink en vinnig gehark word.

Maart

Case IH stel mooi, rooi Steiger 715 Quadtrac bekend

Maart 2025 sal onthou word as die maand waarin Suid-Afrika vir die eerste keer die Steiger 715 Quadtrac in aksie kon sien. Hierdie reus is nie meer net 'n trekker nie, dit is 'n bewys van vernuwendende tegnologie, ongeëwenaarde werkverrigting en Case IH se verbintenis tot vooruitgang.

Hierdie kragmonster het vir die eerste keer amptelik in Maart 2025 in Suid-Afrika geland, gereed om boere se produktiwiteit en doeltreffendheid na 'n nuwe vlak te neem. Dit kan ongetwyfeld verwesenlik word vanweë die Steiger 715 Quadtrac se enorme 533 kW (715 perdekras) en 'n piekkras van 580 kW (778 perdekras).



Die mooi, rooi Case IH Steiger 715 Quadtrac.



Lot 4: NANK20-007, 'n Bont Ankole-koei met haar kalf NANK20-027 (ICT 52" Cumulus 3-in-1). Prys: R550 000. Koper: Lasarus Ankole.



Lot 6: Caroline (BH170424) & NBOR24-134, 'n B07 83-dogter met 'n Jester-bulkalf. Prys: R650 000. Koper: Nowaal Mdluli.



Lot 2: NANK24-058, 'n nuwe genetiese bulkalf (E506 x E711). Prys: R550 000. Kopers: Nico Lerm en Walter Kinnear.

R13,5 miljoen omset tydens Ntaba Nyoni se 2025-produksieveiling

Ntaba Nyoni se agste produksieveiling is vroeg in Maart by Phala-Phala Wildlife aangebied en het weereens bewys waarom hierdie veiling 'n groot trekpleister vir Ankole- en Boran-genetika is. Die veiling het 'n indrukwekkende omset van R13,5 miljoen behaal, met 'n gemiddelde prys van R187 500 per lot.

R2,3-miljoen vir boerbokram, 'n wêreldrekordprys

'n Boerbokram is vir 'n wêreldrekordprys van R2,3 miljoen verkoop. Die ram, met die naam Next Level (762-22-1427), is deur VEA Studbreeders van Bonnievale in 'n private transaksie aangekoop van die Lukas en Abraham Burger Stud in Griekwastad, Suid-Afrika.

Hierdie uitsonderlike boerbokram, wat tydens die SA Boerbok-wêreldskou in Bloemfontein as die agttand-wêreldkampioen gekroon is, het 'n nuwe rekord gevestig vir die hoogste prys wat nog vir 'n boerbokram betaal is, en het die vorige rekord van R850 000 vir die ram Porsche in 2022 oortref.



Die boerbokram Next Level wat vanjaar vir 2,3 miljoen verkoop is, is 'n wêreldrekordprys.

Mei

NAMPO-park buite Bothaville het van 13 tot 16 Mei 2025 weer sy staal gewys. Met 'n rekordgetal van 87 191 besoekers en meer as 900 uitstallers het die 57ste NAMPO-oeddag nie net sy status as die grootste graangerigte landbouskou in Suider-Afrika bevestig nie, dit het ook gewys hoekom dié bedryf die land aaneenlopend bou.

Die beskrywende tema "Global Agriculture, Locally!" het presies vasgevang wat op die terrein gebeur het. Internasionale tegnologie en plaaslike vasbyt het hande gevat om praktiese oplossings vir Suid-Afrikaanse boere te bied.

NAMPO Bothaville bly 'n hoogtepunt op die Suid-Afrikaanse landboukalender.



Junie



Die John Deere 9RX830 is Afrika se grootste trekker — 38 ton en 610–680 kW wat reuse werktuie moeiteloos trek.

Die grootste trekker in Afrika sit voet aan wal!

Een van die hoogtepunte van 2025 vir Suid-Afrikaanse boere was die indrukwekkende demonstrasiedag op 19 Junie by Aser Nel Boerdery tussen Hoopstad en Wesselsbron, aangebied deur Senwes in samewerking met John Deere. Die ster van die dag was die splinternuwe John Deere 9RX 830, 'n vier-rusperband-trekker wat krag en topprestasie kombineer met die nuutste landbou-tegnologie.

Hierdie trekker is vir die eerste keer tydens NAMPO Bothaville 2025 aan die publiek bekend gestel en kon nou vir die eerste keer gedurende die demonstrasiedag in aksie gesien word. Die 9RX 830 stuur 'n duidelike boodskap aan moderne Suid-Afrikaanse boere: tegnologie is nie 'n luukse nie, maar 'n noodsaaklikheid vir volhoubaarheid, produktiwiteit en wins.

Die wenners van die 2025 Decanter-wynkompetisie is in Junie vanjaar aangewys. Knorhoek Cabernet Sauvignon 2021 het onder die top-50 beste op die skou van die 22ste Decanter-wêreldwynpryse (DWWA) gepronk. Dit is die enigste plaaslike wyn wat die lys gehaal het. Suid-Afrika het die sesde meeste medaljes ontvang waarvan 192 brons, 246 silwer, 45 goud, drie platinum en een beste op die skou (Knorhoek). Platinummedaljes:

- Hasher Family Batrachella Pinotage 2022
- Backsberg Patriarch Cabernet Franc 2022
- Groot Constantia Estate Grand Constance 2020

Bonsmara-bul verkoop vir R4-miljoen

Die welbekende Bonsmarastoet Up George Bonsmaras, het weereens hulle plek aan die voorpunt van die bedryf bewys in hul jaarlikse produksieveiling wat op Vrydag, 4 Julie 2025 op hulle plaas aangebied is.

'n Uitsonderlike bul is op die dag vir 'n indrukwekkende R4 miljoen verkoop aan Bertus en Fouché Blignaut van Sebadja Bonsmaras – 'n rekordprys wat nie net die koppe laat draai het nie, maar ook die gehalte van genetica by albei stoete bevestig het.



Lot 8, LAR 21-45 verkoop vir R4 miljoen rand aan Sebadja Bonsmaras tydens hulle 27ste produksieveiling.

Begroting bring nuwe landbou-hoop

Die minister van landbou, John Steenhuisen, het op 8 Julie vanjaar die Landboubegroting vir 2025/'26 in die parlement voorgelê en 'n visie van groei en modernisering vir die sektor uitgestippel.

Die begroting fokus op vennootskappe, marktoegang, biosekerheid, rampgereedheid en voedsel- en voedingsekerheid.

Sleutelintervensies sluit in die finalisering van 'n nuwe makrostruktuur en die vaartbelyning van digitale stelsels om integrasie van 18% tot 30% teen 2030 te verhoog. 'n Biosekerheidsraad van 50 dieregesondheidstegnici is gestig om uitbrekings te bestuur en bek-en-klouseer te beperk, terwyl Onderstepoort se kapasiteit versterk word.

Verder word 'n nasionale voedsel- en voedingsekerheidsplan geïmplementeer, en 'n opgegradeerde marktoegangstrategie beoog nuwe geleenthede in Asië en die Midde-Ooste. Politieke hervormings sluit wetwysigings, 'n digitale landbouplatform en 'n produsent-ondersteuningsportaal in.

Met uitvoere wat reeds R258 miljard beloop, wil Steenhuisen landbou as 'n dryfkrag vir ekonomiese ontwikkeling en volhoubare groei vestig.

Val-boeredag: 30 jaar sterk

Die Val-Boeredag het hierdie jaar hul 30ste bestaansjaar gevier. Die boeredag is vir die eerste keer in 1995 deur die Waterval Boerevereniging by Val, 'n geskiedkundige gehuggie halfpad tussen Balfour en Standerton, aangebied.

Tydens die eerste boeredag was daar agt uitstallers en sowat 30 besoekers. Vanjaar, 30 jaar later, het die aarde behoorlik gedreun op dieselfde terrein met 252 uitstallers en 'n geskatte 6 000 besoekers wat saamgekom het om die grootste, blinkste en beste trekkers en toerusting in die landboumark te sien.



30ste Val Boeredag lok talle besoekers, toeskouers en boere.

Sewe Ster Bonsmaras open opleidingsentrum

Op 17 Julie 2025 het Sewe Ster Bonsmaras 'n groot mylpaal bereik met die opening van hul nuwe opleidingsentrum op Plaas Rietfontein naby Hartbeesfontein.

Die sentrum is geskep om boere in Noordwes toe te rus met kennis, tegniese ondersteuning en 'n plek vir samewerking. Dit bied 'n tuiste vir boeredae, opleidingssessies, vergaderings en inligtingsdae, 'n waardevolle toevoeging wat lankal in die streek benodig is.



Minister van landbou, John Steenhuisen.

mahindra
TRACTORS

GET 10% DISCOUNT



ON SELECTED

IMPLEMENTS

& ALL SPARE PARTS

TYPE	MODEL
Plough	2 / 3 / 4 Bottom Disc Plough -26" & 6 mm Thickness
Harrow	9x9 / 10x10 Compact Disc Harrow 24" 4,5 mm Thickness
Harrow	9x9 / 10x10 Compact Disc Harrow 24" 4,5 mm Thickness With Channel Frame
Slasher	Slasher 1,5 m / 1,8 m / 2,0 m
Loader	6000 Series Loader
Loader	7000 Series Loader (Quickie)
Rotovator	1,6 m / 1,8 m / 2,1 m Rotovator

TYPE	MODEL
Sprayer	600 l / 1500 l / 2000 l Sprayer
Ridger	2 / 4 Disc Ridger
Plough	5 Tine Chisel Plough
Trailer	3 / 5 Ton Tipping Trailer
Harrow	Power Harrow 1,75 m
Planter	Pnumatic Planter 4 / 6 Row
Planter	Mechanical Multicrop Planter 6 Row

VALID FROM 1 DECEMBER 2025 - 31 DECEMBER 2025

PEACE OF MIND ASSURANCE*

WHILE STOCKS LAST

No. 1 Tractor
Company
in the World*

T's & C's apply

MAHINDRA TRACTORS
**TOUGH
ENOUGH**



Arlington Boeredag: Kennis en vernuf

Die Agri Arlington Boeredag het op 23 Julie 2025 buite Arlington in die Vrystaat plaasgevind en, ondanks 25 mm reën die vorige nag, het dit 'n groot opkoms en entoesiasme gelok.

Boere, verskaffers en landboukundiges het saamgekom om die nuutste tegnologie en toerusting te verken.

Die dag was meer as net 'n uitstalling – dit het 'n platform vir kennisdeling, samewerking en inspirasie gebied, met sterk klem op praktiese waarde en plaaslike toepasbaarheid.

Benewens die indrukwekkende demonstrasies was daar ook gesellige kos- en koffiestalletjies wat warmte en gemeenskapsgees aan die geleentheid verleen het.

SA Preserveerkampioenskappe lok skares

Op 23 Julie 2025 is 'n nuwe era vir plaaslike preserveerprodukte ingelui met die eerste Suid-Afrikaanse Preserveerkampioenskappe by Eensgezind buite Durbanville.

Met 456 inskrywings van 66 vervaardigers – dubbel die verwagte getal – het die geleentheid nasionale erkenning aan hoëgehalte gepreserveerde produkte gegee.

'n Paneel van 38 kenners, insluitend sjefs, kosskrywers, handelseksperte en afgevaardigdes van die Vroue-Landbouvereniging, het die produkte deur 'n blinde proeproses beoordeel.

Die kampioenskappe, aangebied deur Agri-Expo, het meer as 100 klasse gedek – van konfyt, marmelade en blatjang tot piekels, pesto's en ander kreatiewe skeppings – met die vereiste dat alle inskrywings reeds publiek beskikbaar moes wees.

Die winners van die kampioenskappe is:

SA Perseveerprodukt van die jaar:

Compagniesdrift Makataan Chunks
Blatjang: Montagu Foods Shoprite Housebrand/Ritebrand Peach Fruit Chutney

Groente in sous: Creative Cuisine Pantry Curried Baby Onions

Ingelegde groente: Jumping Jackal Delicacies Pickled Jalapeño Whole

Ingelegde vrugte: Kloovenburg Olives, Black Olives in Blackberry Dressing

Jellies: Domein Doornkraal Plum Jelly

Konfyt: Uit-die-bottel Quince Jam

Marmelade: Hemelhuijs Kumquat Conserve

Pesto: Pesto Princess Sundried Tomato Pesto

Relish: Miami Boere Relish, Sweet Tomato

Tapenade: Willow Creek Olive Tapenade with Black Olives, Anchovies & Capers

Vrugte in stroop: Compagniesdrift Makataan Chunks

Inheemse plante kry landboustatus

Op 21 Julie 2025 is 'n historiese besluit geneem toe inheemse gewasse en medisinale plante amptelik as landbouprodukte verklaar is ingevolge die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte. John Steenhuisen het die insluiting goedgekeur, wat 'n sektor met 'n beraamde waarde van R12 miljard per jaar formeel erken.

Hierdie stap volg op jarelange versoeke van rolspeleers in die landbousektor en maak die deur oop vir groter ekonomiese deelname, beleggings en ondersteuning. Die erkenning gaan egter verder as landbou alleen – dit herstel die ekonomiese, kulturele en geestelike waarde van tradisionele plante wat lankal deel van Suid-Afrikaners se leefstyl is.

Die besluit gee nie net 'n ekonomiese hupstoot nie, maar bevestig dat die wortels van die verlede nou die saad van die toekoms word.



Suid-Afrika het 'n skatkis van inheemse plante, soos die duisende Kaapse fynbosspesies. Die bekendste voorbeeld hiervan is die koningsprotea, ons land se nasionale blom, met die botaniese naam *Protea cynaroides*.

KragDag 2025: Selfstandigheid in aksie

KragDag 2025 is van 7 tot 9 Augustus op Diamantvallei Landgoed buite Pretoria aangebied en het besoekers van regoor die land gelok.

Onder die tema "Bou 'n nalatenskap" het die ekspo gefokus op praktiese idees en tegnologie wat gesinne, boere en entrepreneurs bemagtig om selfstandig en volhoubaar te leef.

Met 'n verskeidenheid uitstallings, demonstrasies en gesprekke het KragDag bewys dat dit meer is as 'n handelskou – dit is 'n leerskool en netwerkgeleentheid waar oplossings vir beurtkrag, watertekorte en ander uitdagings gedeel word.

Die tema het deurgaans weerklank gevind en deelnemers het huis toe gegaan met nuwe idees én 'n sterker besef dat selfstandigheid 'n belegging in die toekoms is.

KragDag het sy posisie bevestig as 'n onmisbare platform vir volhoubare groei en gemeenskapskrag in Suid-Afrika.



KragDag 2025.

Vivo Boerebemarkingsdag 2025 breek rekords

Die Vivo Boerebemarkingsdag 2025, wat van 22 tot 23 Augustus aangebied is deur CVO Skool Vivo, het weereens sy status as Limpopo se grootste landbou-ekspo bevestig.

Met sowat 5 000 besoekers, onder wie kinders wat die geleentheid gratis kan bywoon, het die geleentheid 'n belangrike ontmoetingspunt vir boere, entrepreneurs, gesinne en die plaaslike gemeenskap geword.

Meer as 100 landbou-uitstallers het tegnologie, tegniek en bemarkingsgeleenthede uitgelig, terwyl die gewilde MammaMall met 66 uitstallers en 16 kosstalletjies plaaslike produkte en disse aangebied het.

Vanjaar is geskiedenis gemaak met die grootste aartappelsakke-uitstalling in Suid-Afrika, asook die eerste en grootste boerekep-uitstalling nog.



Vivo Boerebemarkingsdag 2025. Die boeredag groei jaarliks van krag tot krag en is nou Limpopo se grootste landbou-ekspo.

FNB Sauvignon Blanc Top 10 en nuwe aromawiel

Die FNB Sauvignon Blanc SA Top 10-kompetisie het vanjaar 20 finaliste uit vier oesjare aangekondig, wat die veelsydigheid en verouderingspotensiaal van Suid-Afrikaanse Sauvignon Blanc beklemtoon.

'n Splinternuwe aromawiel – die eerste van sy soort in die land – is ook bekend gestel.

'n Paneel kenners onder leiding van dr. Carien Coetzee het die finaliste uit 167 inskrywings van 98 produsente gekies.

In sy 19de jaar bevestig die kompetisie, aangebied deur Sauvignon Blanc SA, sy gesogte status. Die finaliste het beide koel en warmer streke verteenwoordig.

Hierdie jaar se Top 10-wenners:

- Ataraxia Sauvignon Blanc 2025 (Kaapse Suidkus)
- Cederberg Wines Ghost Corner Wild Ferment Sauvignon Blanc 2024 (Elim, Kaap Agulhas)
- Delaire Graff Coastal Cuvée Sauvignon Blanc 2025 (kusstreek)
- Groote Post Sauvignon Blanc 2025 (Darling)
- Kleine Zalze Family Reserve Sauvignon Blanc 2023 (Wes-Kaap)
- Maastricht Sauvignon Blanc 2025 (Durbanville)
- Merwida Sauvignon Blanc 2025 (Breedekloof)
- Rietvallei John B Sauvignon Blanc 2025 (Robertson)
- Steenberg Barrel Fermented Sauvignon Blanc 2023 (gehout) (Constantia)
- Vrede en Lust Artisan Range Blanc Fumé 2021 (gehout) (Wes-Kaap)

LA Rhone Holden Helix hou uitsonderlike Limousin-veiling

Bulle: 62 van 62 verkoop teen 'n gemiddeld van R222 500.

Hoogste prys: R2,8 miljoen vir Cockpit LR21-79, verkoop aan Leadwood Limousins. **Ander uitsonderlike verlope sluit in:** Dixon LR22-146 verkoop vir R1,8 miljoen aan Hartland Farm en Admiral LR19-38 verkoop vir R1 miljoen aan HSNV Group.



Cockpit LR21-79 verkoop vir R2,8 miljoen.

Koeie en kalwers: 46 van 46 verkoop teen 'n gemiddeld van R248 700.

Hoogste prys: R1,4 miljoen vir Delaney LR22-128, verkoop aan HSNV Group.

Ander uitsonderlike verkope: Zetha LR18-32 verkoop vir R900 000 aan Mutanda Farms, Buzukie LR20-95 en Dasha LR22-127 verkoop elk vir R600 000 aan onderskeidelik Ibrahim Abba en BB5 Boerdery.



Delaney LR22-128 verkoop vir R1,4 miljoen.

Dragtige verse: 16 van 16 verkoop teen 'n gemiddelde van R153 000.

Hoogste prys: R550 000 vir Eclipse LR23-56, verkoop aan Leadwood Limousins. **Ander uitsonderlike verkope:** Elixir LR23-54 verkoop vir R400 000 aan Barmousin Landgoed, Estina LR23-21 verkoop vir R280 000 aan Mutanda Farms.



Eclipse LR23-56 verkoop vir R550 000.

Oop verse: 21 van 21 verkoop teen 'n gemiddelde van R137 200. **Hoogste prys:** R1 miljoen vir Fairy LR246, verkoop aan Mutanda Farms. Fresia LR24-62 verkoop vir R220 000 aan HSNV Group.

Embrios: 10 van 10 verkoop teen R60 000 elk, aan BB5 Boerdery.

September NAMPO Kaap 2025 toon rekord-opkoms

Die sesde NAMPO Kaap-ekspo wat van 10 tot 13 September 2025 by Bredasdorp Park plaasgevind het, het 'n rekord-opkoms van 49 326 besoekers gelok en sy posisie as die Wes-Kaap se toonaangewende landbouplatform bevestig.

Sedert die eerste ekspo in 2018 met 16 000 besoekers, toon die geleentheid bestendige groei en het vanjaar die 45 894 belangstellendes van 2024 ver oortref. Uitstallers het sterk besigheid en waardevolle gesprekke gerapporteer.

Benewens die landboufokus het die ekspo 'n groot impak op die plaaslike ekonomie gehad, met vol bespreekte gastehuse, besige restaurante en seisoenale werksgeleenthede.

Die gemeenskapsgees is versterk deur gesinsvriendelike hoogtepunte soos die Boerboel-kampioenskappe, die Merino Classic- en pensteek-uitstallings, wat tradisie en kultuur by die tegnologievertoning gevoeg het.

NAMPO Kaap is nie net 'n landbou-ekspo nie, maar ook 'n gemeenskapsfees wat innovasie, tradisie en plaaslike ekonomiese groei saambring.

Mahindra stel AgriWys bekend

Mahindra Tractors het tydens NAMPO Kaap 2025 hul nuwe telematika-platform, AgriWys, bekend gestel – 'n digitale oplossing wat boere intyds met hul trekkers en implemente verbind.

Die stelsel bied GPS-opsporing, enjin- en spoedmonitering, daaglikse ritregisters, kostebestuur en waarskuwings teen brandstofdiefstal of verkeerde gebruik.

Met die krag van 4G-GPS-tegnologie help AgriWys produsente om prestasies te ontlee, onderhoud proaktief te bestuur en winsgewendheid te verhoog. Mahindra beklemtoon dat hulle nie net trekkers bou nie, maar ook volhoubare, tegnologie-gedrewe oplossings bied wat boere bemagtig om onafhankliker en meer doeltreffend te boer.





Lot 14, 'n Beef Shorthorn-bul, verkoop vir 'n rekordprys van R80 000 tydens die Nasionale Beef Shorthorn-veiling.



Vlnr: Ian Grobler – afslaer Vleisentraal, Jessica en Johan Strydom (Strydberg Beef Shorthorn), Paul van Biljon Vleisentraal en Niel Dry (Nieman Beef Shorthorn).

Dormer-ram verkoop vir R400 000

Hatari Dormers se Platinum Dormerveiling van 2025, wat op 20 September by Plaas-Content in Bainsvlei, Bloemfontein, plaasgevind het, het bewys waarom Hatari Farming steeds 'n vooraanstaande naam in die Dormer-mark is. Die onbetwiste ster van die dag was Lot 3, T 23 376 "Grizzly", 'n stoetram van 2 Broers Dormers. Hierdie ram het vir R400 000 aan Nova Barletta Dormers van Clocolan verkoop, 'n uitstekende prys vir 'n Dormerram en 'n bewys van die hoë standaard wat die groep se diere kenmerk.



Die duurste ram, Lot 3, T 23 376 "Grizzly" verkoop vir R400 000 aan Nova Barletta Dormers. Vlnr: Henri Naudé (BKB), Pieter Jordaan, Lodie van Reenen (koper), dr. Carel Scholtz (koper), Marius Eksteen, Tjaart Steenekamp (verkoper) Jovaan Cloete (BKB-afslaer), Abraham Steyn, Jan Eksteen en Steyn Steenekamp.

Oktober



Groei vir Goud 2025: Rekord opbrengste

Die Groei vir Goud-toekennings 2025 het weereens Suid-Afrika se topgraanprodusente vereen vir hul uitsonderlike opbrengste, innovasie en bydrae tot voedselsekureit. Hierdie jaar was histories, met 'n oplewing van nuwe nasionale rekords in mielie-, koring- en sojaboonkategorieë, wat die kundigheid en aanpasbaarheid van produsente beklemtoon, selfs te midde van klimaatuitdagings.

Rekordprestasies:

- Koring: Nuwe rekordopbrengste in die noordelike en suidelike besproeiingskategorieë.
- Mielies: Rekords in al ses streekkategorieë, gedryf deur presisieboerdery en gevorderde genetika.
- Sojabone: Drie nuwe rekords in besproeiings- en droëlandgebiede.

Die toekennings, nou in hul sesde jaar, het 'n baken van erkenning en vooruitgang geword.

Graanboer van die Jaar 2025

Hansie Viljoen van Leeudoringstad is aangewys as Graan SA/Syngenta se Graanboer van die Jaar 2025. Saam met sy vrou, Wilmarie, en hul drie seuns, bedryf hy Viljoen Boerdery in die Noordwes, waar presisieboerdery-tegnologie, grondgesondheid en 'n sterk besigheidsin sy sukses dryf.

Sy boerdery is 'n toonbeeld van volhoubare diversifikasie, met mielies, sojabone en ander gewasse, terwyl sy mensgedrewe bestuursfilosofie en belegging in vaardighede en tegnologie 'n wenresep skep.

Hansie beklemtoon dat ware sukses nie net in opbrengs lê nie, maar in die gesondheid van die grond wat vir toekomstige geslagte agtergelaat word.

Hy het die toekenning aan sy gesin en span opgedra en beklemtoon dat boerdery berus op tydsberekening, spanwerk en vertroue, en dat hy trots is om deel te wees van 'n sektor wat groei, aanpas en die nasie voed.

Hansie Viljoen se benadering tot boerdery kombineer innovasie, volhoubaarheid en generasienalatenskap – 'n ware voorbeeld van moderne graanboerdery.



Hansie Viljoen, Graanboer van die Jaar vir 2025.

Prestige Agriwerker 2025: Shannon Robertson

Shannon Robertson (25) is aangewys as die 2025 Wes-Kaapse Prestige Agriwerker tydens 'n glansgeleentheid op die Eureka-landgoed in Durbanville. Sy dien as assistentbestuurder van die lewende hawe-afdeling op Boschendal naby Franschhoek en is uit 1 393 inskrywings as wenner gekies.

Shannon, wat in Kuilsrivier grootgeword het en haar skoolloopbaan by die Laerskool en Hoërskool De Kuilen voltooi het, beskryf haarself as 'n buite-kind wat baie tyd saam met haar grootouers deurgebring het. Haar familiegeskiedenis weerspieël 'n sterk landbou-erfenis – haar oupa, Jaftha van de Rheede, het sy skoolloopbaan opgegee om die gesin te ondersteun deur groente- en aarbeiboerdery.

Die Prestige Agriwerker-kompetisie, wat in 2002 ontstaan het as die Plaaswerker van die Jaar-kompetisie, het intussen 'n gesogte jaarlikse instelling geword wat plaaswerkers regoor die Wes-Kaap erken vir hul bydrae tot die landboubedryf.

Shannon se toekenning vier nie net haar energie en toewyding nie, maar ook die belangrike rol van plaaswerkers in die Wes-Kaapse landbou.



Prestige Agriwerker 2025, Shannon Robertson.

AgriSA Jongboer van die Jaar

Francois Rossouw, die vierde geslag wat op die familieplaas Mooigezicht Estates in De Doorns in die Hexrivier-vallei met tafeldruive boer, is vroeër vanjaar as die Wes-Kaap se Jongboer van die Jaar aangewys.

Agri SA het Francois geluk gewens met die toekenning as Agri SA se Jongboer van die Jaar. "Francois se leiding by Mooigezicht Estates, sy tegnologie-gedrewe benadering tot water en voeding, en sy fokus op mense-ontwikkeling maak hom 'n ware kampioen van die Hexriviervallei. Sy visie dra by tot 'n mededingende, volhoubare tafeldruifbedryf."



Francois Rossouw, Agri SA Jongboer van die Jaar vir 2025.

LNR Meester-suiwelboerwenners 2025

Die Landbou Navorsingsraad (LNR) het op 13 November 2025 die weners van die Nasionale Meester-suiwelboer-toekennings by Lanzerac in Stellenbosch aangekondig.

Hierdie gesogte kompetisie, 'n hoogtepunt op die landboukalender, gee erkenning aan Suid-Afrika se topsuiwelboere vir uitstekende prestasie en genetiese teelgehalte.

Die 2025 weners:

- Groot skaal Meester-suiwelboer: JK Basson Family Trust (Darling, Wes-Kaap)
- Medium skaal Meester-suiwelboer: Van Niekerk Boerdery BK (Caledon, Wes-Kaap)
- Klein skaal Meester-suiwelboer: Letsolo PT Dairy (Sebokeng, Gauteng)
- Korrektiewe Dienste Meester-suiwelboer (nuwe kategorie): Goedemoed Correctional Services (Aliwal-Noord, Oos-Kaap)
- Beste somatiese selteeling: Packwood Farm (Knysna, Wes-Kaap) – 170 000 selle/ml
- Beste tussenkalfperiode: JK Basson Family Trust (Darling, Wes-Kaap) – 375 dae
- Eretoekenning: Boy Blanckenberg (Klipheuwel, Durbanville) vir sy leierskap en lewenslange bydrae tot die suiwelbedryf.



Die weners van die 2025 LNR Nasionale Meester-suiwelboer-toekennings, van links, dr. Litha Magingxa, president en uitvoerende hoof van die LNR, LNR se Nasionale Medium skaal Meester-suiwelboer van die Jaar Wimpie van Niekerk (Van Niekerk Boerdery BK), Nasionale Klein skaal Meester-suiwelboer van die Jaar Christiaan Tsolo (Letsolo PT Dairy), Nasionale Groot skaal Meester-suiwelboer van die Jaar asook LNR se nasionale kudde met die beste tussenkalfperiode JK Basson (JK Basson Family Trust), nasionale kudde met die beste somatiese selteeling Heinrich Hurter (Packwood Farm) en prof. Norman Maiwashe, LNR-hoofbestuurder: diereproduksie. Foto: A Gorman Photography.

Nasionale Angora-ramveiling

Nog 'n hoogtepunt van 2025 was die Nasionale Angora-ramveiling, aangebied deur die House of Fibre, wat op 13 November by die pragtige Botanics Sports Grounds in Graaff-Reinet plaasgevind het.

Die hoogtepunt van die dag was die hoogste prys vir 'n ram. Benjohan Snijman van Vleikuil Angora Stoet in Rietbron het hierdie besondere ram vir R100 000 by Jordi van Hasselt van Hasselt Farming in Prince Albert gekoop. Die hoogste pen ooie is verkoop aan Willem Retief (De Bad Angora Stoet), Hanover teen R8 500 per ooie van Grootfontein Students Angora Stud, Middelburg.

Rekord sitrus-uitvoere

Nog 'n hoogtepunt in November was die rekordgetalle behaal in die sitrusbedryf. John Steenhuisen het sy gelukwense aan die bedryf uitgespreek na die aankondiging van 'n rekord-uitvoerseiisoen, waarin 203,4 miljoen 15 kg-bokse sitrus na wêreldmarkte gestuur is. Dit verteenwoordig 'n 22%-toename teenoor 2024 en oortref nie net aanvanklike skattings nie, maar ook langtermyn-groeiprojekte.

Suid-Afrika is tans die tweede grootste sitrusprodusent ter wêreld, net agter Spanje. Sowat tweederdes van die sitrusproduksie word as vars vrugte uitgevoer, wat 95% van die totale sitrusinkomste per jaar genereer en beduidende werkgeleenthede in die landbou ondersteun.

Biohoutschoolprojek herstel Noord-Kaap-weiding

'n Baanbreker-biohoutschoolprojek van Terraligna, 'n filiaal van Kickstart Capital, bied nuwe hoop vir boere in die dor Hantam-streek van die Noord-Kaap.

Die inisiatief fokus op die uitroei van die indringerspesie *Prosopis* ("mesquite"), wat reeds groot skade aan plaasgrond veroorsaak het.

Fase Een, wat teen einde 2025 begin, beoog om 3 000 ha op te ruim, met 'n einddoel van 23 000 ha en die produksie van sowat 10 000 ton biohoutschool.

Twee bio-steenkool-oonde sal binnekort in die streek geïnstalleer word, met verdere eenhede wat bygevoeg sal word soos die projek uitbrei.



Bio-houtschoolprojek.



Desember

RPO bek-en-klou-inenting

Begin Desember 2025 het die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) die aankondiging deur die minister van landbou verwelkom dat die hele land teen bek-en-kloueering ingeënt sal word. Die grootste probleem met bek-en-kloueering vir primêre ekstensiewe veeboere is nie die siekte self nie, maar die ekonomiese gevolge wat daarmee gepaardgaan.

TULI VEILINGUITSLAE VIR 2025



NEXT GEN Tuli Produksieveiling
14 Februarie 2025 | Vleissentraal - Kimberley
Lot 22 - CR180032
VERKOOP VIR: R64 000
Verkoper: Malu Tuli
Koper: Jim Bredenkamp van Wolhaarkop Tuli
Duurste KDEI & KALF



Langlyf & Nonnie Tuli Produksieveiling
03 Junie 2025 | Avoca - Reitz
Lot 33 - R20208
VERKOOP VIR: R240 000
Verkoper: Langlyf Tulis
Koper: Theodor Oosthuizen van RGV Tulis
Duurste BUL



Langlyf & Nonnie Tuli Produksieveiling
03 Junie 2025 | Avoca - Reitz
Lot 08 - R18203
VERKOOP VIR: R38 000
Verkoper: Nonnie Tulis
Koper: Frikkie Janse van Rensburg
Duurste DRAGTIGE KDEI



Donkerhoek Tuli Produksieveiling
11 September 2025 | Donkerhoek - Britstown
Lot 43 - CHR23129
VERKOOP VIR: R42 000
Verkoper: Bushman's Mountain Tuli
Koper: Theodor Oosthuizen van RGV Tulis
Duurste OOP VERS



TUGELA STEEL
STEEL STRUCTURES
QUALITY • INTEGRITY • SERVICE

THE TRUSTED NAME IN STEEL STRUCTURES FOR OVER 40 YEARS.

- Tugela Steel, Block A, Sunbury Park, Douglas Saunders Drive, La Lucia Ridge, Durban
- Phone: +27 31 566 4601
Email: sales@tugela.co.za
Website: www.tugelasteel.co.za

AVAILABLE STEEL STRUCTURES

- Farming Sheds
- Prefabricated Steel Buildings
- Industrial Steel Structures



ALGAR IND BK
Livestock Handling Equipment
Veehanteeringstoerusting
Saam Boer ons Lekker!

Dankie aan elkeen se ondersteuning die 2025! Seën vir die Kerstyd en voorspoed vir 2026

algar@algar.co.za
www.algar.co.za
082 324 6256

Images showing various livestock handling equipment, including a large metal frame and a trailer.



Need new parts for your spraying equipment?

Our Expertise Includes Assembling:

Nozzles | Nozzle Holders | Jacto Pumps | Strainers | Clamps | Hose & Fittings | Tanks | And much more!

We stock Quantum & ARAG Parts

We supply and deliver nationally

Excellent Client Service

Images showing various spraying equipment components and a tractor in a field.

WES TRANSVAAL SPUITPARTE

060 960 6038 | 27 Mathew St, Lichtenburg, 2740, South Africa



Premium quality **Aluzinc steel** sectional tanks for bulk water storage throughout Africa



www.rainbowtanks.co.za

sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016

Aftermarket Parts
25 Years Cummins
Experience

Jumanje

Procurement Services
Power Parts

AGRICULTURE • AUTOMOTIVE • CONSTRUCTION • MINING • EARTHMOVING

**SERVICE AND YOUR DOWNTIME
IS OUR PRIORITY!**

Distributor for Cummins / Komatsu / Case / Dongfeng / Faw / Perkins / Tata / JCB - Related aftermarket engine components

High quality aftermarket & replacement diesel parts



A wide range
of 8pk Belts
and Filters

Carradine Varkevisser
060 525 9943
carradine@jumanje.co.za

Office
011 976 1242 / sales@jumanje.co.za
Michael: 063 753 6466

Facebook &
Instagram
[@jumanje4u](https://www.facebook.com/jumanje4u)

42 MILLION People reached via social media every month
29 AFRICAN Number of Countries we actively target users
3 MILLION Average video views we generate every month

**NOT THE MATCH YOU
WERE LOOKING FOR?**

WE GET TO KNOW YOUR BUSINESS SO THAT WE CAN OFFER YOU, YOUR PERFECT MATCH IN AGRICULTURAL PRODUCTS.



Agri4all provides a marketplace for farmers and suppliers to showcase and discover a wide range of agricultural products. Whether you're looking for seeds, equipment, or services, our platform connects you with trusted providers.

Agri4all

diane@proagri.co.za

062 555 6666

www.agri4all.com



Vriesbrandmerk

Omdat jy omgee, gebruik die Vriesbrandmerk metode.



Vriesbrandmerk is 'n hoogs effektiewe, minimaal indringende metode om jou beeste permanent te brandmerk. Dit laat geen skade aan die vel nie, wat huidverwante vermorsing en finansiële verliese tot die minimum beperk.

SKAKEL ONS OP 078 164 1712
OF BESOEK ONS WEBWERF BY
www.dryice.co.za

SMART HANDLING STARTS HERE.

TALTEC

RELIABLE LIVESTOCK HANDLING
EQUIPMENT THAT KEEPS YOUR
ANIMALS CALM AND YOUR OPERATION
RUNNING SAFELY AND EFFICIENTLY.



CATTLE WORKING & WEIGHING CRATE

FROM R38 000.00
excl VAT & delivery



CATTLE WEIGHING PLATFORM

FROM R6 000.00
excl VAT & delivery



BRANDING IRONS (SINGLE/3-IN-1)

FROM R220.00
excl VAT & delivery



SHEEP WEIGHING CRATE

FROM R9 400.00
excl VAT & delivery



CATTLE IMMOBILIZER (2 CLIPS)

FROM R3 880.00
excl VAT & delivery



BRANDING OVEN FOR IRONS

FROM R2 100.00
excl VAT & delivery



CALF SQUEEZE (FOR DE-HORNING)

R3 500.00
excl VAT & delivery

7 Theuns Mulder Street, Brits,
South Africa, 0250

(+27) 12 250 2188
sales@taltec.co.za
(+27) 66 299 7939



SCAN ME



SCAN ME



TAL-TEC DE-HORNING IRON

FROM R675.00
excl VAT & delivery

RB455 1.5

IN

Duursame rotorvoerstelsel met 'n 1.5 m bak, ontwerp vir vinnige gewasvloei en konsekwente baalvorming in kuilvoer, hooi of strooi. Betroubare werkverrigting in verskillende gewastoestande met digte, goedgevormde bale.



OM


Vog- en baltetingsdata ondersteun beter beplanning en insetopsporing oor verskillende lande. Duidelike sigbaarheid van opbrengste en balegehalte – wat jou help om voer en weiding doeltrefferder te bestuur.

OP

Eenvoudige kajuitmonitor vir beheer van die balingsproses, met opsies vir net- of touomhulling. Maklik om te gebruik, vinnig om aan te pas – doeltreffende baling met minimale staantyd.



SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR
OF TAK VIR MEER INLIGTING
www.caseih.co.za



CASE IH